

# Die regs aard van mediaregte in sport

Steve Cornelius

---

Steve Cornelius, Departement Privaatreg, Universiteit van Pretoria

---

## *Opsomming*

Sport is vandag 'n belangrike onderdeel van die wêreld ekonomie en speel 'n belangrike rol in die vermaaklikheidsbedryf. Sport en die media leef saam in 'n simbiotiese verhouding – sport bied aan televisie- en ander medianetwerke 'n oorvloed van materiaal wat aan geesdriftige kykers, luisteraars of lesers herlei kan word. Dit skep ook die moontlikheid vir medianetwerke om 'n wins te genereer uit die reklame wat tydens sportuitsendings vertoon word. Daarby is medianetwerke die vernaamste bron van inkomste vir sportfederasies wat sogenaamde media- of uitsendingsregte van sportbyeenkomste ten duurste aan die medianetwerke verhandel. Die vraag is egter of mediaregte in sport inderdaad bestaan en, indien wel, wat die aard en omvang van hierdie regte is en in wie hulle vestig. In die meeste regstelsels is die bestaan van mediaregte in sport aanvanklik afgelei uit die reg van die sportorganiseerder, as eienaar of regmatige besitter van 'n sportstadion, om die reg van toegang tot die stadion vir sowel toeskouers as medianetwerke voor te behou. Sommige regstelsels het voorts hieruit 'n vermoënsregtelike belang in sport afgelei wat regtens beskermenswaardig is. Die bestaan van mediaregte in sport is nog nie in Suid-Afrika deur die hof oorweeg nie. Die gemene reg het ook geen vermoënsbelang in sport erken nie, maar sportfederasies kan aanspraak maak op 'n werfkrag, reputasie en identiteit wat met heelwat kundigheid, ywer, moeite en onkoste opgebou word sodat daar inderdaad 'n vermoënsbelang in sport daaruit afgelei kan word. Sodanige belang kan deur sportliggame verhandel word en dit behoort regtens beskerm te word in die hande van die betrokke sportliggaam of die medianetwerk aan wie daardie belang verhandel is.

**Trefwoorde:** Delik; identiteit; kontrak; media; mediaregte; Olimpiese spele; reputasie; sport; sportuitsendings; uitsendingsregte; werfkrag

## *Abstract*

### **The legal nature of media rights in sport**

Sport is a major component of the entertainment industry and makes a significant contribution to the world economy. The annual global expenditure on sport amounts to more than €600 billion. With more than one thousand

international sports events taking place each year and media networks setting up more and more television channels that focus exclusively on the broadcasting of sports events, it is little wonder that the sale of so-called broadcasting or media rights constitutes the most significant source of funding for sport today, generating more than €60 billion in annual revenue for sports federations across the globe. It is therefore no surprise that sports federations jealously guard over these so-called media rights which they purport to own.

With modern technology making audio-visual equipment smaller and more affordable and with the dissemination of information on the internet becoming commonplace, sports federations and media networks that acquire the rights to broadcast sports events, must frequently ward off attempts to undermine the exclusivity of their rights. Furthermore, the vast amounts of money that broadcasters pay for the so-called media rights cause internal conflicts within sports communities. Club owners are eager to share in the proceeds of media rights that accrue to the coffers of national or international sports federations. It seems that everyone involved in sport wishes to share in the riches generated from the sale of media rights.

As a result, it is necessary to take a closer look at media rights in sport. This article addresses three issues: Firstly, is there any legally recognisable patrimonial interest in a sports event and the run of play on the sports field that could form the foundation on which stadium owners, sports federations, clubs, sports leagues, promoters or participants can lawfully control or even prevent media coverage of a sports event? Secondly, if such an interest does in fact exist, what are the nature, scope and extent of such an interest? Thirdly, in whom would such an interest vest and who would therefore be entitled to trade with the interest and profit therefrom?

These questions have, whether by way of legislation or through litigation, never been addressed in South African law. The absence of legislation on these issues means that the common law position must be ascertained. This in turn requires an analysis of the historical foundations of South African law to determine whether Roman-, Roman-Dutch- or old English common law provide any foundation for the recognition of media rights in sport. Historical sources suggest that, during the Roman times, sport was seen as a public amenity which was accessible to all. There is no indication that spectators were ever charged any gate fees to attend sport spectacles. Similarly, there is no indication that any event organiser, sponsor or stadium owner ever had any vested right in a sports event that would have allowed him to charge gate fees or restrict access to the event concerned.

During the Middle ages, sport was no longer played in the big Roman stadiums, but in the market squares or other common places of towns and villages. This seemed to reinforce the Roman notion that sport belonged to the masses, so that neither Roman-Dutch nor old English common law ever recognised any vested right in a sports event that would have allowed feudal

lords or event organisers to charge gate fees or restrict access to the event concerned.

It was only when sports rules were standardised and modern sport and sports leagues began to emerge in the nineteenth century, that things began to change. Sports clubs required funding to cover the costs of traveling to meetings and to pay the wages of professional players. Since more and more clubs owned their own facilities, the simple solution was to rely on ordinary ownership rights which allowed an owner of property to reserve access to the property. In this way clubs could charge gate fees so that fans could not attend their favourite sports events unless they bought tickets to the event. The right of access to sports events was therefore reserved, not because of any legally recognised interest in the sports event itself that merited protection, but rather because of the application of normal property rights.

When broadcasting of sports events first began in the early twentieth century, stadium owners, sports federations, clubs, sports leagues and promoters were concerned that broadcasts would impact on their gate revenues. To soften the blow, broadcasters were charged “license fees” to broadcast sports events. At first any broadcaster that paid the license fee, was allowed to broadcast an event. However, as broadcasters began to vie for advertising revenue, they began to offer ever-increasing sums to acquire exclusive broadcasting rights for major sports events. This brought rival broadcasters into conflict as rights-holders sought to prevent other media networks from also transmitting their own broadcasts of the sports events concerned.

In the United States of America, courts began to recognise that stadium owners, sports federations, clubs, sports leagues or promoters have publicity rights which constitute patrimonial interests in their sports events. These interests formed the basis on which media rights could be granted exclusively to media networks. Other media networks could, on the grounds of unlawful competition, be prevented from infringing on these exclusive media rights. However, because the law relating to unlawful competition was substantially different, courts in England and Australia were reluctant to recognise media rights in sport.

Because none of this provides any further clarity on the existence, nature and extent of media rights in South Africa, the article also evaluates the position in selected foreign jurisdictions to find some guidance. Apart from the United States, courts in Germany and the Netherlands have also recognised that sports events take place with much effort and financial input from stadium owners, sports federations, clubs, sports leagues and promoters, which requires some legal recognition from which media rights can be derived. It seems that the position in England may also be changing towards some recognition of media rights. On the other hand, countries such as France and Australia have sought, with varying degrees of success, to regulate the matter by means of legislation.

All of this suggests that there is scope within South African law to recognise that sports federations, like other business enterprises, develop their own reputations, identities and goodwill, which they generate with much effort and cost. This forms the basis for the recognition of a patrimonial interest in sport which can be legally protected and which could in turn form the basis for the awarding of media rights in sport.

**Keywords:** Broadcasting rights; contract; delict; goodwill; identity; media; media rights; Olympic games; reputation; sport; sport broadcastings

## 1. Inleiding

Sport het sedert die begin van die twintigste eeu ontaard in 'n enorme internasionale bedryf. In 1912 het daar, met inbegrip van die Olimpiese Somerspele in Stockholm, twintig internasionale sportbyeenkomste wêreldwyd plaasgevind. Teen 2005, 'n jaar waarin geen Olimpiese Somer- of Winterspele plaasgevind het nie, het die aantal internasionale sportbyeenkomste gegroei tot meer as 1 000 per jaar of gemiddeld meer as drie per dag.<sup>1</sup> Dit beteken dat daar te alle tye op enige gegewe tydstip, minstens een internasionale sportbyeenkoms iewers op aarde plaasvind. 'n Mens kan dus, om 'n gesegde van die ou Britse ryk te leen, sê dat die son nooit sak oor die sportvelde van die wêreld nie.

Met soveel sport wat daaglik plaasvind, is dit ook onvermydelik dat sport 'n belangrike element van die wêrelddeksonomie sal wees. Dit blyk dan ook dat die wêreldwye besteding aan sport jaarliks nagenoeg €600 miljard beloop.<sup>2</sup> Dit sluit onder andere 'n wêreldwye mark vir sportgoedere in wat jaarliks nagenoeg €250 miljard werd is.<sup>3</sup> Die inkomste wat sportfederasies wêreldwyd jaarliks aan hekgelde, borgskappe, mediafoeie en kommersialisering verdien, beloop meer as €100 miljard.<sup>4</sup> By verre die grootste enkele faktor wat tot hierdie inkomste bydra – nagenoeg €60 miljard per jaar – is die foeie wat sportfederasies vir sportuitsendings van medianetwerke hef.<sup>5</sup> Dit is dan ook geen wonder nie dat sportfederasies besonder jaloers waak oor die sogenaamde mediaregte of uitsendingsregte waaroor hulle kwansuis beskik.

Aanvanklik was dit taamlik maklik om die uitsending van sportbyeenkomste te beheer. Tot betreklik onlangs was dit baie duur om sport regstreeks of andersins uit te saai omdat sportuitsendings slegs moontlik was met behulp van duur, lywige toerusting wat met groot vragmotors na sportbyeenkomste vervoer is. Indien 'n televisienetwerk of radiostasie die sogenaamde uitsendingsregte vir 'n bepaalde sportbyeenkoms bekom het, was die enigste moontlike inbreuk wat hierop gemaak kon word indien 'n ander netwerk of stasie ook sou poog om die byeenkoms uit te saai. Oor die algemeen het die televisienetwerke en radiostasies die eksklusiwiteit van uitsendingsregte

eerbiedig en die gevalle waar mededingers op mekaar se regte probeer inbreuk maak het, was min.<sup>6</sup>

Die tegnologie in die 21ste eeu het egter dinge in 'n groot mate verander. Gesofistikeerde kameratoerusting het betreklik kompak en bekostigbaar geword en enige iemand met 'n selfoon kan deesdae beeldmateriaal of spel-vir-spel kommentaar bykans onmiddellik oor die internet versprei. Daarby is toerusting wat televisieseine kan onderskep ook geredelik beskikbaar sodat dit nie besonder ingewikkeld is om beeldmateriaal sonder die toestemming of wete van die uitsender op die internet te versprei nie.<sup>7</sup> Sportfederasies en netwerke wat die regte bekom om sportbyeenkomste uit te saai, moet dus voortdurend waak teen pogings wat dreig om die eksklusiwiteit van hul regte in gedrang te bring.

Daarbenewens het die enorme bedrae geld wat netwerke vir die sogenaamde mediaregte opdok, gelei tot interne konflik binne bepaalde sportsoorte. Die eienaars van sportklubs was nie daarmee geneë om goedsmoeds te aanskou hoe die opbrengs van uitsendings in die beursies van die nasionale of internasionale sportfederasies beland nie.<sup>8</sup> Almal betrokke by 'n bepaalde sport wil nou deel in die rykdom wat deur mediaregte voortgebring word.<sup>9</sup>

'n Verdere gevolg van die astronomiese bedrae geld wat netwerke bereid was om vir die mediaregte ten opsigte van veral die meer gewilde sportsoorte op te dok, was dat openbare netwerke, met hul beperkte middele, net nie kon meeding met die betaalkanale van satelliet- en kabelnetwerke nie.<sup>10</sup> Dit het weer gelei tot groot ontevredenheid onder sportgeesdriftiges omdat die meerderheid van hulle nie die duur intekengelde vir betaalkanale kon bekostig nie en dus uitgesluit is van die uitsendings van hulle gunsteling sportbyeenkomste.<sup>11</sup> Die uiteinde was dat telekommunikasie- en mededingingsowerhede in verskeie jurisdiksies moes ingryp om die monopolieë van die betaalkanale te beperk en te verseker dat die massas steeds toegang tot hulle gunsteling sport op die kassie kan kry.<sup>12</sup>

Al hierdie probleme en uitdagings vereis dat die sogenaamde mediaregte vir sportbyeenkomste in oënskou geneem moet word. Hierdie artikel sal hoofsaaklik drie kernvraagstukke aanspreek. Dit is eerstens noodsaaklik om vas te stel of daar inderdaad enige mediaregte ten opsigte van sportbyeenkomste bestaan. Met ander woorde, bestaan daar enige beskermingswaardige vermoënsbelang in sportbyeenkomste en die verloop van die spel op die speelveld wat die grondslag kan bied waarvolgens stadioneienaars, sportfederasies, sportklubs, sportligas, promotors of deelnemers regtens bevoeg sou wees om mediadekking van 'n sportbyeenkoms te beheer en selfs te verhoed. Tweedens, indien sodanige regte inderdaad bestaan, moet vervolgens bepaal word wat die aard, inhoud en omvang van daardie mediaregte is. Derdens is dit belangrik om vas te stel aan wie die mediaregte toekom en wie derhalwe daarop geregtig is om dit te verhandel en die winste daaruit te neem.

Hierdie vrae rondom mediaregte in sport het nog nie pertinent in die Suid-Afrikaanse reg, hetsy by wyse van wetgewing, hetsy by wyse van hofgedinge, enigsins aandag geniet nie. In die afwesigheid van enige wetgewing wat die vrae hierbo direk aanspreek, verdien die gemeenregtelike posisie in Suid-Afrika dus verdere nabetraging. Dit vereis eerstens 'n historiese oorsig om te bepaal of daar enige aanklank in die Romeinse-, Romeins-Hollandse- of ou Engelse reg vir die erkenning van 'n beskermingswaardige belang in sport gevind kan word. En aangesien sportuitsendings 'n betreklik onlangse verskynsel is, sou so 'n historiese oorsig ook nie volledig wees sonder om die historiese oorsprong van die polemieë rondom sportuitsendings te ondersoek nie. Dit is immers noodsaaklik om vas te stel waarom die vraagstukke hoegenaamd in die praktyk ontstaan het en hoe die behoefte aan betekenisvolle oplossings ontwikkel het.

In die lig van die gebrek aan aandag wat mediaregte in sport tot dusver in die Suid-Afrikaanse reg geniet het, sou dit ook sinvol wees om die historiese oorsig aan te vul met 'n regsvergelykende oorsig ten einde vas te stel hoe ander jurisdiksies, waar die vrae oor mediaregte in sport reeds oorweging geniet het, die polemieë aangespreek het en welke oplossings, indien enige, vir die vrae gevind is. Hier sou 'n mens veral kon ondersoek instel na die posisie in regstelsels wat noue historiese bande met die Suid-Afrikaanse reg het, soos die Engelse- en Nederlandse reg, regstelsels van lande waarmee Suid-Afrika sterk sportbande het, soos Australië, asook lande wat wêreldleiers op sportgebied is, soos die Verenigde State van Amerika, Duitsland en Frankryk. Vandaar kan die posisie in die Suid-Afrikaanse reg dan ondersoek word.

## 2. Geskiedkundige oorsig

Sportuitsendings het hul oorsprong in die oprigting van telegraafnetwerke.<sup>13</sup> Operateurs, soos *Western Union*, het sportgeesdriftiges op hoogte gehou van die verloop van bokbalwedstryde deur die telling aan die einde van elke kolfbeurt aan telegraafkantore regoor die Verenigde State te herlei.<sup>14</sup> Met die ontwikkeling van telefoonnetwerke kon die verloop van wedstryde meer gereeld per telefoon herlei word aan sportgeesdriftiges wat wou inskakel.<sup>15</sup>

Die eerste regstreekse radio-uitsending van 'n sportbyeenkoms het op 4 April 1921 plaasgevind toe 'n radiostasie in Pittsburgh regstreekse kommentaar op die bokseveg tussen Johnny Dundee en Johnny Ray direk vanuit die *Pittsburgh Motor Square Garden* na luisteraars in die Pittsburgh-omgewing uitgesaai het.<sup>16</sup> Dit is in 1936 gevolg deur die eerste regstreekse televisie-beeldsending van sport toe sportgeesdriftiges by 21 openbare televisiesale in Berlyn en Potsdam die 100m-naelloop tydens die Olimpiese Spele in Berlyn kon aanskou en sien hoe die legendariese Jesse Owens die eerste van sy vier goue medaljes wen.<sup>17</sup> Uiteindelik is meer as 72 ure van beeldsendings regstreeks van daardie byeenkoms na die televisiesale uitgesaai.<sup>18</sup>

Omdat sportuitsendings 'n relatiewe nuwe verskynsel is, sou 'n mens verwag dat die polemieë rondom mediaregte weinig aanklank in die Romeinse- en Romeins-Hollandse reg sou vind. Nietemin bied 'n ontleding van die toepaslike beginsels aangaande sport en spele in veral die Romeinse reg interessante stof tot nadenke wat die huidige posisie in die Suid-Afrikaanse reg ten opsigte van sportuitsendings kan verduidelik. Die Romeine is immers berug vir die uitspattige en omvangryke spele wat hulle in die *Circus Maximus*, Flaviese amfiteater (of *Coliseum*) en elders aangebied het.

Sport is weliswaar so oud soos die mens self. Oeroue rotstekeninge beeld oënskynlik reeds tonele uit van oermense wat voor toeskouers meeding in wedlope, swem, boogskiet en stoei.<sup>19</sup> En die argeologiese rekord van elke groot beskawing van Mesopotamië, Sumerië, Fenisië, Babilonië en Persië tot Egipte bied getuigenis van geesdriftige toeskouers wat deelnemers aan verskeie antieke sportsoorte toejuig.<sup>20</sup> In Amrit, die ou Fenisiese stad is, sover bekend, die oorblyfsels van die oudste sportstadion wat reeds 'n anderhalf millennium voor Christus gebou is om toeskouers meer gemak en 'n beter uitsig oor die speelveld te gee.<sup>21</sup>

Die ou Grieke sou sport en die bou van sportstadions tot nuwe hoogtes voer, veral met die vierjaarlikse viering van die antieke Olimpiese spele.<sup>22</sup> Maar dit was die Romeine wat uiteindelik sport sou neem tot die vlak van vermaaklikheidskouspel. Waar ander gemeenskappe tot op daardie tydstip sport beoefen het ter wille van fiksheid en vaardigheid vir daaglikse oorlewing, paraatheid vir oorlog of tot eer van die gode in godsdienstige feesvieringe, het die Romeine uiteindelik hierdie beginsels in 'n groot mate laat vaar en sport aangebied bloot ter wille van sport met die uitsluitlike doel om die massas te vermaak.<sup>23</sup>

Die fokus op sport as vermaak en die verwatering van godsdienstige rituele en oorlewings- of paraatheidsoorwegings, sou dan ook 'n belangrike rol speel in die benadering wat in die Romeinse reg tot sport en spele gevolg is. Die Romeinse konings het volgens oorlewering reeds sedert die stigting van Rome in die vallei tussen die Palatynse en Aventynse heuwels spele aangebied.<sup>24</sup> Toeskouers wat die spele bygewoon het, het aanvanklik teen die hange van die heuwels gestaan en toekyk.<sup>25</sup> Die vyfde koning van Rome, Tarquinius Priscus, het in die sesde eeu voor Christus 'n renbaan vir strydwaens daar laat uitlê en houtstellasies met sitplekke laat bou vanwaar die adel die wedrenne kon aanskou,<sup>26</sup> terwyl die laaste koning van Rome, Tarquinius Superbus, later die sitplekke uitgebrei het sodat daar ook vir die burgery sitplek sou wees.<sup>27</sup> Hierdie stadion het bekend geword as die *Circus Maximus* en sou, met gereelde opgraderings deur verskeie Romeinse heersers vir bykans eenduisend jaar die middelpunt van die uitspattige Romeinse spele wees.<sup>28</sup> Na verbeteringe wat Julius Caesar in die eerste eeu voor Christus laat aanbring het, het die *Circus Maximus* uiteindelik sitplek vir 250,000 toeskouers<sup>29</sup> – meer as een kwart van die totale bevolking van Rome in daardie tyd<sup>30</sup> – gebied.

Die Romeine was waarskynlik ook die eerstes wat vroue as toeskouers by die spele toegelaat het. Volgens Ovidius<sup>31</sup> was die spele juis die plek waar enkellopendes (en waarskynlik heelwat getroudes) lede van die ander geslag kon ontmoet. Indien 'n getroude vrou egter sonder die toestemming van haar man die spele sou bywoon, was dit 'n geldige grond vir egskeiding.<sup>32</sup> Vroue het egter nie dieselfde remedie teenoor hulle mans gehad nie!<sup>33</sup>

Die spele in die onderskeie arenas was *ludos civitati*<sup>34</sup> of burgerspele. Toegang tot die spele was dus gratis en geesdriftige toeskouers het reeds voor sonop tou gestaan om die beste sitplekke te kry.<sup>35</sup> Die Romeine het verskeie maniere bewerkstellig om die uitspattige spele te finansier, soos bedrae wat uit die staatskas bewillig is,<sup>36</sup> boetes wat vir bepaalde oortredings gehef is,<sup>37</sup> skenkings<sup>38</sup> of erflatings<sup>39</sup> van ryk Romeine en bedrae wat Romeinse amptenare uit eie sak moes bewillig wanneer hulle tot bepaalde ampte verkies is.<sup>40</sup> In 230 na Christus het die keiser Alexander Severus selfs 'n spesiale belasting op koppelaars en prostitute gehef om die arenas in Rome te restoureer.<sup>41</sup> Maar die Romeine het nooit toegangselde van die geesdriftige toeskouers gehef nie – toegang was altyd gratis. Om die waarheid te sê, indien iemand sonder geldige rede verhoed is om die openbare spele te aanskou, kon die benadeelde genoegdoening eis<sup>42</sup> van die persoon wat hom aldus verhoed het omdat dit beskou is as 'n verlies indien iemand nie uit openbare geriewe voordeel kon put nie.<sup>43</sup>

Dit wil derhalwe voorkom of die Romeinse reg geen vermoënsregtelike belang in sport erken het wat in die boedel van 'n organiseerder of donateur kon vestig en wat regtens beskermenswaardig sou wees nie. Gevolglik was daar ook geen belang wat verhandel kon word nie.

Die gebruik dat toeskouers gratis toegang tot spele en sportbyeenkomste kon kry, sou vir bykans tweeduisend jaar voortduur. Die agteruitgang van die Romeinse ryk in die ooste en die weste het die groot uitspattige spele in die arenas tot 'n einde gebring. Maar sport het in verskeie vorme tydens die Middeleeue voortgeduur en uiteindelik net soveel van 'n toeskouerskouspel gebied. Die antieke era van sportstadions wat honderdeduisende toeskouers kon huisves was weliswaar verby, maar Middeleeuse sportbyeenkomste het dikwels saamgeval met kermisse of jaarmarkte wat dae of selfs weke kon duur.<sup>44</sup> Die jaarmarkte is deur die feodale grondhere op gesag van die onderskeie konings gereël en het met heelwat swier en seremonie gepaard gegaan.<sup>45</sup> Handelaars het van oral saamgetrek om 'n verskeidenheid van handelware, vee en trekdier te verkoop.<sup>46</sup> Ridder in blink wapenuitrustings met swierige skilde en helder baniere het aan lansgevegte deelgeneem,<sup>47</sup> terwyl ander sportsoorte soos perdewedrenne, boogskiet, wedlope, boks, stoei en haangevegte ook plaasgevind het.<sup>48</sup> Die handelaars moes tolgelde en belastings betaal om hulle ware of diere by die kermisse te verkoop<sup>49</sup> en ridders moes 'n belasting aan die koning betaal om aan 'n toernooi deel te neem,<sup>50</sup> maar daar is geen aanduiding dat toeskouers ooit toegangselde moes betaal om die sporttoernooie by te woon nie. Houtstellasies met staanplek of sitplekke vir die



adel is gewoonlik opgerig, maar die gepeupel moes maar staan waar hulle plek kon kry.<sup>51</sup> Waar toernooie in die markpleine van dorpe gehou is, het toeskouers in die vensters en op die dakke van aangrensende geboue saamgedrom en waar toernooie buite die dorpe gehou is, het toeskouers vanaf die dorpsmure toegekyk en selfs in bome geklim om beter te sien.<sup>52</sup> Maar almal was welkom, veral omdat dit die geleentheid gebied het vir die adel om hulle rykdom en verheuenheid teenoor hulle onderdane te toon.<sup>53</sup>

Die markpleine of gronde waar jaarmarkte gehou is, is beskou as openbare plekke wat vir almal se gebruik bestem was.<sup>54</sup> In Holland is ook die *doele* – lokale waar die dorpswag vergader het en skyfskiet, gimnastiek en ander oefeninge gedoen is – as openbare plekke beskou.<sup>55</sup> Van Leeuwen<sup>56</sup> meld selfs dat dit nie geoorloof was om 'n skuldenaar tydens 'n jaarmark te arresteer nie, hoewel daar op die skuldenaar se goed beslag gelê kon word om verskyning in die hof na afloop van die jaarmark te bewerkstellig. In Skotland was bywoning van 'n buitelandse jaarmark selfs gronde vir *essoir*<sup>57</sup> of regmatige afwesigheid van 'n hofgeding, maar dit blyk dat die Engelse nie so toegeeflik was nie.<sup>58</sup>

Ander sport is ook beoefen<sup>59</sup> en die oorsprong van bykans elke sportsoort wat vandag beoefen word, kan in die Middeleeue gevind word.<sup>60</sup> Daar was egter bykans geen gronde wat uitsluitlik vir die speel van sport opsy gesit is nie, met die gevolg dat sport in markpleine en ander openbare plekke gespeel is en daar geen duidelike lyne was wat toeskouers van deelnemers geskei het nie.<sup>61</sup> Dit het dikwels daartoe gelei dat toeskouers in so 'n mate rondom die spelers saamgedrom het, dat hulle die spelers verdring het en gevegte tussen spelers en toeskouers het gereeld uitgebreek.<sup>62</sup> Op feesdae het almal in die dorp, man en vrou, oud en jonk, op die gemeenskaplike gronde vergader vir 'n soort voetbal – om toe te kyk en saam te speel.<sup>63</sup>

Sport het steeds aan die gemeenskap behoort en dit wil voorkom of nóg die Romeinse-Hollandse reg, nóg die ou Engelse reg enige vermoënsregtelike belang in sport erken het wat in die boedel van 'n organiseerder of landheer kon vestig en wat regtens beskermingswaardig sou wees.

Die gebruik om toegangsgelde of hekgelde by sportbyeenkomste te hef, het teen die middel van die negentiende eeu ontstaan. Dit is ook die tyd wanneer moderne sport, soos ons dit vandag ken, sy beslag vind. Dit is in hierdie tyd in veral die privaatskole en universiteite van Engeland, weens 'n behoefte om met mekaar mee te ding, waar die reëls van sport vir die eerste keer gestandaardiseer word en die grootte van speelveld vasgestel word.<sup>64</sup> In 'n poging om orde te handhaaf, is toeskouers van die spelers geskei, aanvanklik met wit lyne op die grond, later met die span van toue en nog later met die oprigting van pawiljoene.<sup>65</sup>

Die standaardisering van die reëls was een faktor wat gelei het tot die totstandkoming van sportklubs waar entoesiaste kon vergader om hulle gunsteling sport te speel.<sup>66</sup> 'n Ander faktor was dat markpleine weens

toenemende verstedeliking al meer deur handelspersele beset is en die handelaars al minder verdraagsaam was teenoor die dikwels ordelose spele rondom hulle winkels en stalletjies.<sup>67</sup> Dit het op sy beurt die verskuiwing van sport vanaf die markpleine en ander openbare plekke na private persele meegebring. Die stigting van klubs het voorts gelei tot die totstandkoming van ligas,<sup>68</sup> en ligas sou uiteindelik lei tot professionele sport waar spelers vir hulle dienste vergoed is.<sup>69</sup>

Krieket was in hierdie opsig die baanbreker wat reeds teen die einde van die agtiende eeu in Engeland volgens standaardreëls gespeel is.<sup>70</sup> Daar is vroeg reeds onderskei tussen *gentlemen* (amateur spelers) en *players* (professionele spelers).<sup>71</sup> Aanvanklik was die aantal professionele spelers in elke span beperk, maar mettertyd sou veral die stedelike krieketklubs slegs van professionele spelers gebruik maak.<sup>72</sup> Die ontwikkeling van krieketklubs met hulle eie krieketvelde was hoofsaaklik daaraan te wyte dat weddenskappe op krieketwedstryde teen die einde van die agtiende eeu een van die gunsteling tydverdrywe van die aristokrasie geword het.<sup>73</sup> Die krieketvelde het aanvanklik ook aan ander sportklubs, veral sokkerklubs, die ideale speelvelde gebied waar hulle hul wedstryde kon speel.<sup>74</sup> Mettertyd sou ander sportklubs, soos wat 'n bepaalde sportsoort meer en meer gewild geword het, hulle eie speelvelde ontwikkel.<sup>75</sup>

Die koste verbonde aan die oprigting en instandhouding van sportvelde, asook die vergoeding wat aan professionele spelers betaal is en die koste om van een dorp na die ander vir ligawedstryde te reis, het nuwe uitdagings aan klubs gestel. Aanvanklik is daar tydens wedstryde 'n hoed omgestuur en donasies van toeskouers gevra.<sup>76</sup> Maar dit kon egter nie in die groeiende vraag na fondse voorsien nie. Die klubs het nietemin 'n belangrike wapen gehad. Omdat hulle die sportvelde besit het, was dit privaatpersele en kon die reg van toegang voorbehou word;<sup>77</sup> en toeskouers kon nie sport kyk tensy hulle toegang tot die sportvelde of stadions kon kry nie. Die klubs het gou besef dat sportgeesdriftiges so fanaties was dat hulle bereid was om te betaal vir die voorreg om na hulle gunsteling sport te kyk en die klubs kon toegang voorbehou vir enigeen wat nie 'n toegangskaartjie kon of wou koop nie.<sup>78</sup> Waar sport vir millennia in openbare plekke gespeel is en toeskouers altyd welkom was om die byeenkomste by te woon, is hoëvlak sport nou verskuif na speelvelde of stadions wat omhein is en waar toegang streng beheer is.

Die heffing van hekgelde en die gepaardgaande toegangsbeheer by sportbyeenkomste het nie gespruit uit enige regte inherent aan sport wat die stadioneienaars, sportfederasies, sportklubs, sportligas, donateurs, borge, promotors of deelnemers hoegenaamd in die wedstryd of die verloop van die spel op die speelveld gehad het nie. Nóg die Romeinse reg, nóg die Romeins-Hollandse reg, nóg die ou Engelse reg het ooit tot so 'n vlak ontwikkel dat sodanige reg ten opsigte van sport enigsins erken is. Die beheer van toegang tot sportbyeenkomste en die heffing van hekgelde het bloot gespruit uit die besits- of eiendomsreg oor die speelvelde of sportstadions en die afdwinging

van die gewone regte wat enige besitter of eienaar ten opsigte van onroerende eiendom gehad het.

Dit is dan die agtergrond waarteen radiostasies in die 1920s op die toneel verskyn en hulle wend tot die uitsending van regstreekse kommentaar op sportbyeenkomste. Net soos wat toeskouers nie na 'n wedstryd kon kyk indien daar nie toegang aan hulle verleen is nie, net so kon radiostasies oor die algemeen nie regstreekse kommentaar op sportbyeenkomste uitsaai tensy hulle toegang tot die speelvelde of stadions vir hulle omroepers en lywige toerusting kon bekom nie.<sup>79</sup>

Dit wou voorkom of sport en radio vir mekaar gemaak was. Vindingryke reklame van die wêreldtitel boksegeveg tussen Jack Dempsey en Georges Carpentier in Julie 1921, het daartoe gelei dat 300,000 geesdriftige toeskouers die stadion gevul het – die eerste keer in die geskiedenis dat meer as \$1 miljoen aan hekgelde by 'n enkele sportbyeenkoms gevorder is.<sup>80</sup> Daarbenewens het kettingwinkels in die omgewing berig dat hulle omset aan radiotoestelle in die twee weke voor die geveg ongeveer \$90,000 beloop het, en ongeveer 500,000 luisteraars aan die ooskus van die Verenigde State het ingeskakel vir die uitsending.<sup>81</sup>

Hierdie verstommende sukses het daartoe gelei dat ander sportsoorte, soos perdewedrenne, bofbal, tennis, Amerikaanse voetbal en yshokkie aanvanklik ook die blootstelling wat radio kon bied, begeer het en soms selfs betaal het sodat radiostasies hulle wedstryde sou uitsaai.<sup>82</sup> Sportuitsendings het al gewilder geword en in 1922 het bykans 5 miljoen luisteraars op drie kontinente ingeskakel vir regstreekse kommentaar tydens bofbal se *World Series*.<sup>83</sup> Teen 1927 het nagenoeg 40 miljoen luisteraars ingeskakel op die regstreekse uitsending van die boksegeveg tussen Jack Dempsey en Jack Sharkey.<sup>84</sup>

Maar die saad van twis was reeds gesaai met die eerste sportuitsending wat per telegraaf herlei is. Koerantmagnate het die “nuwe” tegnologie as 'n bedreiging vir hulle koerante gesien.<sup>85</sup> Koerante was op daardie tydstip die enigste medium wat sportberigte na sportgeesdriftiges gebring het.<sup>86</sup> Sportuitsendings het hierdie monopolie in gedrang gebring. Daarbenewens was ligas, klubeienaars en promotors alte gou besorg dat die toenemende aantal luisteraars wat op die regstreekse sportuitsendings ingeskakel het, daartoe sou lei dat al minder en minder toeskouers die wedstryde self sou bywoon en dat hul hekgelde daaronder sou ly.<sup>87</sup> Sportuitsendings was voorts ook die bron van 'n konflik wat vandag nog voortduur en waarskynlik nooit opgelos sal word nie. In huise oraloor moes mans, wat wou inskakel op die sportuitsendings, meeding met vroue (en tieners) wat wou inskakel op vervolghverhale.<sup>88</sup> 'n Bespreking van hierdie konflik val egter buite die strekking van hierdie artikel.

Ligas, klubeienaars en promotors het aanvanklik gepoog om die moontlike negatiewe impak van regstreekse sportuitsendings op hekgelde hok te slaan

deur 'n stokkie voor sportuitsendings te steek.<sup>89</sup> Maar die behoefte was reeds by sportgeesdriftiges geskep en ligas, klubeienaars en promotors moes 'n manier vind om hulle inkomste te beskerm en terselfdertyd regstreekse sportuitsendings moontlik te maak. Hulle het inderwaarheid reeds 'n klinkklare antwoord vir die probleem gehad. Net soos wat toeskouers moes betaal om wedstryde by te woon, so het ligas, klubeienaars of promotors teen die 1930s begin om "lisensiegelde" te hef vir radiostasies wat hulle wedstryde regstreeks wou uitsaai.<sup>90</sup> Radiostasies wat die wêreldtitel bokseveg tussen Joe Luis en Max Schmeling in 1935 regstreeks wou uitsaai, moes elk \$27,500 aan "lisensiefooie" opdok.<sup>91</sup>

Dit is ook in hierdie tyd dat radiostasies begin het om reklameboodskappe teen betaling uit te saai en dit sou 'n logiese verdere stap wees om reklame met sport te verbind sodat groot maatskappye die uitsendings sou borg en daardeur hul handelsname en produkte aan miljoene luisteraars bekend stel. In 1935 het die *Ford* motormaatskappy \$100,000 aan die radiostasie *WMAQ* betaal om die uitsaai borg vir die bofbal *World Series* te wees.<sup>92</sup> Vir radiostasies was die betaling van lisensiegelde om sportbyeenkomste regstreeks uit te saai, 'n wyse belegging wat goeie dividende opgelewer het. Die uitgawes aan lisensiegelde het getaan teenoor die reklamefooie wat radiostasies van maatskappye tydens die uitsendings kon in.<sup>93</sup>

Aanvanklik is radiostasies op dieselfde grondslag as alle ander toeskouers hanteer – enigeen wat bereid was om die toegangsfooie of lisensiegelde te betaal, is toegelaat om die wedstryd by te woon en regstreeks uit te saai.<sup>94</sup> Maar die groot winste wat radiostasies uit reklame tydens sportuitsendings kon voortbring, het 'n wedywing onder radiostasies teweeggebring. Radiostasies was bereid om aansienlik meer op te dok ten einde eksklusiewe uitsendingsregte te bekom en daardeur 'n voorsprong bo hulle mededingers te bewerkstellig.<sup>95</sup>

Dit was egter onvermydelik dat botsings tussen medianetwerke onderling, asook tussen medianetwerke en ligas, klubeienaars of promotors sou ontstaan. Reeds in 1883 het 'n twis ontstaan oor 'n spanfoto wat van die Australiese krieketspan by die *Oval* in Londen geneem is.<sup>96</sup> Die verweerder het die foto geneem met die instemming van die Australiese krieketkaptein en in opdrag van die eisers, wat as die *London Stereoscopic and Photographic Company* handel gedryf het. Die eisers het dan ook ingevolge die destyds-geldende outeursregwetgewing<sup>97</sup> die outeursreg in die foto in die naam van die *London Stereoscopic and Photographic Company* geregistreer. Die verweerder het egter ook afdrukke van die foto gemaak, geraam en in die handel versprei. Hierdie saak het weliswaar op die korrekte uitleg van die toepaslike outeursregwetgewing<sup>98</sup> berus en is op daardie grondslag ten gunste van die verweerder beslis, maar dit het reeds onderstreep dat die raakpunt tussen sport en die media 'n bron van heelwat konflik sou word.

Maar wie sou kon dink dat 'n byeenkoms van 'n vrouevereniging tot groot konsternasie sou lei en uiteindelik die grondslag sou bied waarvolgens die Engelse reg sportuitsendings vir bykans 'n eeu sou benader? Dit is presies wat in *Sports & General Press Agency Ltd v Our Dogs Publishing Co Ltd*<sup>99</sup> gebeur het. Die *Ladies' Kennel Association* het in Junie 1915 'n hondeskou in die Londense botaniese tuine gereël en by wyse van kontrak aan 'n fotograaf die eksklusiewe reg verleen om foto's by die skou te neem. Die betrokke fotograaf het op sy beurt die eksklusiewe regte om die foto's te publiseer aan die eisers verleen. Die verweerders het egter ook 'n fotograaf na die skou gestuur en, ten spyte van besware en versoeke om dit nie te doen nie, foto's van die skou in hulle tydskrif *Our Dogs* gepubliseer. Die eisers het daarop 'n aansoek gebring, onder meer vir 'n interdik teen die verweerders, en gesteun op die sogenaamde eksklusiewe regte wat die *Ladies' Kennel Association* aan die fotograaf verleen het en die eksklusiewe regte wat die eisers op hulle beurt van die betrokke fotograaf bekom het. Die hof bevind egter dat die *Ladies' Kennel Association* nie beskik het oor enige eksklusiewe regte om foto's tydens die hondeskou te neem nie en dus nie in 'n posisie was om sodanige regte aan die fotograaf oor te dra nie. Bygevolg kon die fotograaf dan ook nie enige regte aan die eiser oorgedra het nie. Die *Ladies' Kennel Association* kon hoogstens uit hoofde van hulle kontraktuele reg om die perseel vir die betrokke skou te okkupeer, toegangsbeheer toepas en verhoed dat enige iemand anders 'n kamera op die perseel bring. Hulle het egter versuim om dit te doen. Die eisers het die beslissing in appèl geneem maar die appèl is uiteindelik in die *Court of Appeals* van die hand gewys.<sup>100</sup>

Dit is dan teen hierdie agtergrond dat howe in die Verenigde State van Amerika en Australië vervolgens oorweging moes skenk aan die vraagstukke rakende mediaregte in sport. 'n Boksegeveg in 1931 tussen Jack Sharkey en Mickey Walker in Brooklyn, New York, sou twee mediahuise in botsing bring.<sup>101</sup> Die promotors van die boksegeveg het die eksklusiewe regte om beeldmateriaal van die boksegeveg te neem en te versprei, kontraktueel aan *Rudolph Mayer Pictures Inc* verleen. 'n Mededinger, *Pathe News Inc* het egter fotografe na die stadion gestuur, asook 'n kamera op 'n aangrensende gebou aangebring en beeldmateriaal van die boksegeveg afgeneem. *Pathe News* het die beeldmateriaal in 'n filmjoernaal saamgestel met die oogmerk om dit in die handel vry te stel. *Rudolph Mayer Pictures* het daarop suksesvol aansoek gedoen om 'n interdik om die inbreuk op hulle eksklusiewe regte te verhoed en die interdik is in appèl deur die New York appèlhof gehandhaaf,<sup>102</sup> oënskynlik omdat die hof van mening was dat die promotors inderdaad eiendomsreg in die boksegeveg gehad het en dus enige gepaardgaande regte, soos om beeldmateriaal te neem, eksklusief aan *Rudolph Mayer Pictures* kon oordra.<sup>103</sup>

Die volgende salvo in die stryd om sportuitsendingsregte is in 1936 in die New York distrikshof in *National Exhibition Co v Teleflash Inc*<sup>104</sup> afgevuur. Die eiser was die eienaar van 'n bofbalstadion en het by kontrak die eksklusiewe regte om bal-vir-bal kommentaar op die wedstryde by die stadion

regstreeks uit te saai, aan die *Western Union Telegraph Company* verleen. Die verweerder het egter ook regstreekse kommentaar op die wedstryde per telefoon aan luisteraars uitgesaai. Die hof bevraagteken of daar enige grondslag is waarvolgens bevind kan word dat die eiser enige eiendomsreg in die bofbalwedstryde by die betrokke stadion kon hou. Hoewel dit nie duidelik was hoe die verweerder die nodige inligting vir die uitsendings bekom het nie, bevind regter Caffey dat dit op een van twee maniere kon geskied: Die inligting is óf bekom deur toeskouers wat op die perseel van die bofbalstadion was, óf deur persone wat iewers buite die bofbalstadion stelling ingeneem het. Indien dit bekom is deur toeskouers, was hulle uit hoofde van hulle toegangskartjies regmatig op die perseel en daar was geen aanduiding dat die toegangskartjies enige kontraktuele beperking op die verspreiding van inligting aangaande die wedstryde geplaas het nie. Indien die kommentaar gegrond was op die verloop van die spel wat van buite die bofbalstadion waargeneem is, was daar geen grondslag waarop die verweerdere verhoed kon word om die regstreekse kommentaar uit te saai nie. Gevolglik bevind regter Caffey dat die eiser se pleitstukke nie 'n eisorsaak openbaar nie.<sup>105</sup>

In dieselfde jaar moes die hooggeregshof van Nieu-Suid-Wallis in *Victoria Park Racing and Recreation Grounds Co Ltd v Taylor*<sup>106</sup> beslis of die eienaars van 'n perderebaan kon verhoed dat 'n radiostasie sonder toestemming regstreekse kommentaar op perdewedrenne uitsaai. Die derde verweerder, die *Commonwealth Broadcasting Corporation*, het met die toestemming van die eerste verweerder, 'n eienaar van grond aangrensend aan *Victoria Park*, op die eerste verweerder se eiendom 'n platform opgerig vanwaar die tweede verweerder, 'n omroeper, met verkykers die perdewedrenne by *Victoria Park*, asook die borde waarop baanlotings, onttrekkings en uitslae bekendgemaak is, kon waarneem en kommentaar op perdewedrenne kon lewer wat regstreeks op die derde verweerder se radiostasie 2UW uitgesaai is. Dit het daartoe gelei dat die eiser minder aan hekgelde kon vorder omdat minder toeskouers die wedrenne bygewoon het en al meer verkies het om na die regstreekse kommentaar op die radio te luister. Die eiser het hoofsaaklik op grond van burereg en *nuisance* aansoek gedoen vir 'n interdik wat sou vereis dat die eerste verweerder nie moes toelaat dat sy grond gebruik word om die perdewedrenne op *Victoria Park* te aanskou nie; wat die tweede verweerder sou verbied om kommentaar op die perdewedrenne te lewer; en wat die derde verweerder sou verbied om die kommentaar op die perdewedrenne uit te saai. Regter Nicholas verduidelik dat *nuisance* bestaan wanneer iemand sy eiendom gebruik op 'n wyse wat 'n bedreiging vir ander inhou of wat op 'n bestaande reg inbreuk maak sodat die reghebbende daardeur skade ly of nie die redelike gebruik van sy eie eiendom kan geniet nie.<sup>107</sup> Die verweerdere het egter geensins met die perdewedrenne ingemeng of verhoed dat enige iemand die perdewedrenne bywoon nie. Die blote feit dat daar op 'n buitengewone wyse van die eerste verweerder se grond gebruik gemaak is en die blote feit dat die derde verweerder 'n wins gemaak het uit die regstreekse uitsendings van die kommentaar op die perdewedrenne, was nie voldoende om te bevind dat die verweerdere op enige regte van die eiser inbreuk gemaak het nie. Gevolglik

bevind regter Nicholas dat daar geen gronde vir die bestaan van 'n interdik bestaan het nie.<sup>108</sup>

In appèl is die hooggeregshof van Australië in *Victoria Park Racing and Recreation Grounds Co Ltd v Taylor*<sup>109</sup> verdeeld gelaat. Die hof het kennis geneem van die “nuwe benadering” wat in die Verenigde State aan die ontwikkel was.<sup>110</sup> Nietemin verwys die meerderheid in hul uitsprake<sup>111</sup> na die Engelse beslissing in *Our Dogs*<sup>112</sup> en bevind dat daar geen regsgronde was waarop die verweerders verhoed kon word om die perdewedrenne vanaf die aangrensende grond te aanskou en regstreeks kommentaar daarvandaan uit te saai nie. Hoofregter Latham verduidelik dat enigeen 'n heining om sy eiendom kan oprig om te verhoed dat ander sien wat op daardie eiendom plaasvind. Veral sportgronde kan behoorlik omhein word om te verseker dat enige iemand wat nie 'n toegangkaartjie het nie, nie kan deel in die skouspel op die sportgronde nie. Die reg kan egter nie gebruik word om in effek heinings te skep wat die eiser nie self wou oprig nie.<sup>113</sup> Die minderheid was egter van mening dat die reg moet ontwikkel om voorsiening te maak vir nuwe vindingryke gebruike van eiendom wat nadeel aan bure kan meebring. Hulle het die betrokke geval onderskei van *Our Dogs* omdat die fotograaf in *Our Dogs* op die perseel was, terwyl die omroeper in *Victoria Park* van buite toegekyk het.<sup>114</sup> *Our Dogs* kon volgens die minderheid ook nie gesien word as gesag dat enige iemand sonder perke van buite kan inkyk op die eiendom van iemand anders nie.<sup>115</sup> Die meerderheid het egter die appèl van die hand gewys en die eiser sonder remedie gelaat.<sup>116</sup>

Die “nuwe” benadering wat in die Verenigde State begin ontwikkel het, het enkele dae na die beslissing in die *Victoria Park*-appèl verdere uiting in *Twentieth Century Sporting Club v Transradio Press Service* gevind.<sup>117</sup> Die eerste en tweede eisers was die promotors van 'n bokseveg tussen Joe Louis en Thomas Farr wat in Augustus 1937 in New York se Yankee-stadion sou plaasvind. Die eerste en tweede eisers het die eksklusiewe regte om die bokseveg regstreeks vanaf die bokskryt uit te saai, aan die derde eiser, die *National Broadcasting Company*, verleen. Die verweerder het egter aangekondig dat hulle ook rondte-vir-rondte kommentaar op die bokseveg sou uitsaai en 'n skrywe van die eisers se prokureurs om hulle van sodanige uitsending te weerhou, verontagsaam. Die verweerder sou hul kommentaar saamstel deur in te luister op die derde eiser se uitsending en inligting bekom van joernaliste langs die bokskryt. Regter Pecora bevind dat 'n bokseveg slegs moontlik was met die besteding van 'n aansienlike hoeveelheid tyd, geld en moeite deur die eisers. Daarby het die eisers uitdruklik op die toegangkaartjies aangedui dat geen toeskouer sonder toestemming beeldmateriaal van die bokseveg kon neem of dit laat uitsaai nie.<sup>118</sup> Voorts sou die verweerder onredelik gebruik maak van die derde eiser se uitsending om die verweerder se kommentaar saam te stel. Hy bevind met verwysing na die *Rudolph Mayer*-saak<sup>119</sup> dat die verweerder inderdaad op die regte van die eisers sou inbreuk maak en staan die aansoek om 'n interdik *pendente lite* toe.<sup>120</sup>

Hierdie uitspraak sou bykans 'n jaar later in *Pittsburgh Athletic Co v KQV Broadcasting Co*<sup>121</sup> die grondslag bied vir die *locus classicus* rakende sportuitsendings in die Verenigde State. Die distriks-hof in Pennsylvania moes beslis of die regstreekse uitsending van bal-vir-bal kommentaar op bofbalwedstryde by *Forbes Field* in Pittsburg geoorloof was. Die eiser was die eienaar van die *Pirates* bofbalspan wat hul tuiswedstryde op *Forbes Field* gespeel het. Daar was 'n hoë heining rondom *Forbes Field* en toeskouers kon slegs bofbalwedstryde bywoon deur 'n toegangskaartjie te koop. Die toegangskaartjie het uitdruklik aangedui dat kaartjiehouers nie enige nuus aangaande die bofbalwedstryde na buite mag uitgee terwyl die wedstryde aan die gang was nie. Die eisers het die eksklusiewe regte om bal-vir-bal kommentaar op die wedstryde regstreeks uit te saai, aan *General Mills Inc* toegeken en op sy beurt het *General Mills* daardie regte aan die *National Broadcasting Company* oorgedra. Die verweerder het waarnemers buite *Forbes Field* laat stelling inneem op geboue vanwaar hulle die verloop van bofbalwedstryde op *Forbes Field* kon sien en die verweerder in staat kon stel om bal-vir-bal kommentaar uit te saai terwyl die bofbalwedstryde aan die gang was. Regter Schoonmaker beslis dat die eksklusiewe reg om bofbalwedstryde vanaf *Forbes Field* uit te saai, 'n eiendomsreg is wat in die eiser vestig en dat die verweerder op hierdie eiendomsreg inbreuk maak wanneer dit bal-vir-bal kommentaar op die bofbalwedstryde uitsaai met die gevolg dat die verweerder se optrede op onregmatige mededinging neerkom.<sup>122</sup> Hy verduidelik voorts dat die eksklusiewe reg beskou word as 'n eiendomsreg omdat die hof *in casu* sit as 'n hof van *equity* en as sulks kan die hof homself slegs met die beskerming van eiendom bemoei. Enige vermoënsregtelike belang word egter vir hierdie doeleindes geag 'n eiendomsreg te wees.<sup>123</sup> Daarby onderskei hy ook die huidige geval van die Engelse uitspraak in *Our Dogs* en die Australiese uitspraak in *Victoria Park* omdat sy uitspraak berus op onregmatige mededinging wat nie in die Engelse (of Australiese) *common law* houdbaar sou wees nie.<sup>124</sup> Regter Schoonmaker beklemtoon<sup>125</sup> dat die reg, titel en belang in bofbalwedstryde in die eienaars van die bofbalspanne vestig. Dit sluit in die eksklusiewe reg om nuus, berigte, kommentaar of beskrywings van wedstryde te versprei of te publiseer, asook die reg om sodanige regte aan lisensiehouers oor te dra. Aangesien die uitsendings van die verweerder op hierdie eksklusiewe regte van die eiser sou inbreuk maak en derhalwe sou neerkom op onregmatige mededinging, staan hy 'n interdik *pendente lite* teen die verweerder toe.<sup>126</sup>

Die erkenning van mediaregte in sport het ongeveer hierdie tyd oënskynlik 'n terugslag in New York beleef. In *Madison Square Garden Corp v Universal Pictures Co*<sup>127</sup> was die eiser die eienaar van die bekende *Madison Square Garden* sportarena waar verskeie sportsoorte, insluitende yshokkie, gereeld plaasgevind het. Die eiser was ook die eienaar van die *New York Rangers* yshokkiespan wat al hulle tuiswedstryde by *Madison Square Garden* gespeel het. Die verweerders het 'n speelfilm *Idol of the Crowds* vervaardig en daarin ruim gebruik gemaak van beeldmateriaal en foto's wat oënskynlik hokkiewedstryde en skares in *Madison Square Garden*, asook spelers van die



*New York Rangers* uitbeeld. Daarbenewens het die reklamemateriaal vir die speelfilm verwysings na *Madison Square Garden* bevat. Die hof *a quo* staan 'n mosie van die verweerders om die saak af te wys, toe omdat die hof bevind dat die eiser se pleitstukke geen beskermingswaardige belang openbaar wat deur die verweerders aangetas is nie.<sup>128</sup>

Dit was egter slegs 'n tydelike terugslag want in appèl bevind die New York appèlhof in 'n eenparige uitspraak dat die eiser 'n waardevolle besigheid opgebou het wat aansienlike inkomste verdien het uit die verlening van lisensies om foto's en beeldmateriaal by *Madison Square Garden* en van die *New York Rangers* te neem.<sup>129</sup> Die eiser het met aansienlike moeite en onkoste 'n gevestigde reg in sy goeie naam, reputasie en werfkrag opgebou en die verweerders het op hierdie regte inbreuk gemaak deur die betrokke beeldmateriaal en foto's in hulle speelfilm te gebruik.<sup>130</sup> Die hof bevind dat die verweerders die beeldmateriaal en foto's van die *New York Rangers* en die verwysing na *Madison Square Garden* gebruik het vir die uitsluitlike doel om die finansiële waarde van die span en die arena, wat met die moeite, koste en vaardigheid van die eiser teweeggebring is, vir hulleself aan te matig. Hulle kon dit slegs doen met die toestemming van die eiser.<sup>131</sup> Sonder om na die *Pittsburgh Athletic*-uitspraak<sup>132</sup> uitspraak te verwys, het kom die New York appèlhof dus tot dieselfde gevolgtrekking as die Pennsylvania distrikshof met betrekking tot die bestaan en aard van mediaregte in sport.

### 3. Regsvergelykende oorsig

Die regsposisie in die Verenigde State met betrekking tot mediaregte in sport is steeds hoofsaaklik soos neergelê in *Pittsburgh Athletic*.<sup>133</sup> Die hof vermeld in hierdie saak verskeie redes waarom daar inderdaad 'n beskermingswaardige vermoënsregtelike belang in sportbyeenkomste bestaan. Eerstens het die betrokke bofbalklub teen groot onkoste 'n sportstadion laat bou en gaan voortdurend onkoste aan om dit in stand te hou. Daarby sorg die klub dat spelers ruim vergoed word vir hul deelname aan die betrokke wedstryde. Die klub skep voorts 'n skouspel wat dit reël met die wedstryde. Die klub beheer toegang tot die stadion en die wedstryde wat aldaar gespeel word en bofbalgeesdriftiges wat die wedstryde wil aanskou, moet toegangsgelde betaal vir die voorreg.<sup>134</sup> Die ywer en onkoste wat die klub aangaan om bofbalwedstryde aan te bied bring mee dat die vermoënsregte inherent aan die bofbalwedstryde vestig in die klub. Dit sluit in die eksklusiewe reg om, minstens terwyl wedstryde aan die gang is, nuus, berigte, kommentaar of beskrywings van die wedstryde te versprei of te publiseer, asook die reg om sodanige regte aan lisensiehouers oor te dra. Enige ongemagtigde uitsendings van die wedstryde maak op hierdie eksklusiewe regte van die klub inbreuk en kom neer op onregmatige mededinging.<sup>135</sup>

Die uitspraak is sedertdien as gesag nagevolg in geskille aangaande mediaregte in sport deur die howe in verskeie deelstate,<sup>136</sup> terwyl die howe in

ander deelstate oënskynlik op grond van hulle eie ontledings van die toepaslike reg, ook tot soortgelyke gevolgtrekkings gekom het.<sup>137</sup>

In die *Madison Square Garden*-saak volg die New York appèlhof 'n soortgelyke benadering<sup>138</sup> en voeg by dat die eienaars van die sportarena en die *New York Rangers* yshokkiespan, deur die aanbod van yshokkiewedstryde, met groot ywer en onkoste 'n bepaalde werfkrag opgebou het. Gevolglik is hulle daarop geregtig om hulle naam, reputasie, werfkrag en besigheidsbelange teen onregmatige mededinging te beskerm.<sup>139</sup> In *University of Notre Dame Du Lac v Twentieth Century-Fox Film Corp*<sup>140</sup> verduidelik die New York appèlhof voorts dat die blote gebruik van die eiser se naam en simbole, insluitend beeldmateriaal van die eiser se voetbalspan, daarop neerkom dat die verweerder hom die vermoënsbelange van die eiser aanmatig, die belange sonder magtiging kommersieel ontgin, die ekonomiese waarde van daardie belange afwater en daardeur 'n risiko van nadeel vir die eisers inhou. Dit kom op sigself neer op onregmatige mededinging en dit is nie nodig dat die eiser vir hierdie doel enige mate van prestasie-aanklamping hoef te toon nie.<sup>141</sup>

Edwards<sup>142</sup> is van mening dat daar 'n noue verband bestaan tussen mediaregte in sport en elke individu se gemeenregtelike reg van publisiteit wat in verskeie deelstate uit die reg op privaatheid afgelei is. Die reg op privaatheid word by wyse van die *tort of invasion of privacy* beskerm.<sup>143</sup> Hierdie *tort* kan op enigen van vier wyses begaan word. Eerstens word privaatheid geskend deur inbreuk te maak op die eiser se fisiese en intieme afgeslotenheid, tweedens deur publikasie in stryd met algemeen betaamlike en fatsoenlike waardes, derdens deur publikasie wat die eiser in 'n valse lig plaas en vierdens deur sonder magtiging die beeld van die eiser vir kommersiële gewin aan te wend.<sup>144</sup> Die vierde kategorie staan ook bekend as die *tort of commercial appropriation* of die *tort of violation of the right to publicity*.<sup>145</sup> Die verband tussen mediaregte in sport en die individu se gemeenregtelike reg op publisiteit staan onomwonde. Die *locus classicus* op die terrein van die individu se reg op publisiteit in die Verenigde State is die uitspraak deur die tweede rondgang van die federale appèlhof in *Haelan Laboratories Inc v Topps Chewing Gum Inc*,<sup>146</sup> waar die hof met verwysing na die *Madison Square Garden*-saak bevind dat daar inderdaad 'n reg van publisiteit bestaan. Sodanige reg kan slegs sinvol wees indien die draer van die reg dit eksklusief kan ontgin en ander kan verhoed om sonder magtiging die beeld van die reghebbende vir kommersiële gewin aan te wend. Die grondslag vir die beskerming van die reg van publisiteit ingevolge hierdie beginsels is dus uitsluitlik die finansiële belange wat die individu in sy beeld het.<sup>147</sup> Gevolglik is dit duidelik dat mediaregte in sport, net soos die publisiteitsregte van elke individu, oor die algemeen in die Verenigde State beskerm word op grond van die beginsel dat elkeen daarop geregtig is om hulle naam, reputasie, werfkrag en besigheidsbelange teen onregmatige mededinging te beskerm.<sup>148</sup>

Hierdie beskerming is egter nie absoluut nie en in die *Notre Dame*-saak verduidelik die New York appèlhof dat die reg op vryheid van spraak in die Eerste Wysiging hier 'n beperking plaas sodat daar steeds ruimte is vir beriggewing, bespreking, kritiek en satire.<sup>149</sup> Indien die uitsending egter plaasvind met die oogmerk om voordeel te put uit die werfkrag en reputasie van die sportklub, kan daar nie op die Eerste Wysiging staatgemaak word vir beskerming nie.<sup>150</sup> In *Wisconsin Interscholastic Athletic Association v Gannett Co Inc*<sup>151</sup> onderskei die sewende rondgang van die federale appèlhof tussen verslaggewing of nuusdekking van 'n sportbyeenkoms wat deur die Eerste Wysiging beskerm word en dus toelaatbaar is, teenoor uitsending van die hele byeenkoms, wat nie aldus beskerm word en nie sonder toestemming geoorloof is nie. Die hof beslis dat die Eerste Wysiging nie die media toelaat om die arbeid van ander sonder magtiging of teenwaarde aan te matig nie.<sup>152</sup>

Daarteenoor beslis die federale distrikshof in *National Football League v Governor of the State of Delaware*<sup>153</sup> dat die Delaware lotery, wat in effek toelaat dat deelnemers weekliks op die uitslae van voetbalwedstryde dobbel, nie ongeoorloof is nie omdat die verweerders geensins enige simbole, handelsmerke of handelsname van die eiser gebruik het nie en slegs gebruik gemaak het van inligting – wedstrydbepalings en eindtellings – wat die eiser self reeds gepubliseer het en wat van verskeie openbare bronne bekom kon word. Die blote feit dat die verweerder voordeel getrek het uit die gewildheid van voetbal was nie voldoende om onregmatige mededinging daar te stel nie.<sup>154</sup> In *CBC Distribution and Marketing Inc v Major League Baseball Advanced Media LP*<sup>155</sup> kom die agste rondgang van die federale appèlhof met betrekking tot fantasiesportligas tot dieselfde gevolgtrekking.<sup>156</sup>

Die vrae oor die aard en omvang van mediaregte in sport het nog nooit pertinent voor die Engelse howe gediën nie. Nietemin word daar dikwels, na aanleiding van die uitsprake in *Our Dogs* en *Victoria Park Racing*, aangedui<sup>157</sup> dat daar in die Engelse reg geen beskermingswaardige belang inherent aan sport is nie en derhalwe geen mediaregte as sulks in sport kan bestaan nie.<sup>158</sup> Volgens hierdie opvatting word sportuitsendings in die Engelse reg dan beheer deur die persoon wat die sleutels na die stadion beheer.<sup>159</sup> Mediaregte word uitsluitlik by wyse van kontrak geskep en beheer. Deur beheer uit te oefen oor die toegang na die stadion, kan stadioneienaars, sportfederasies, sportklubs, sportligas of promotors dus ook beheer wie in staat sal wees om die betrokke sportbyeenkoms uit te saai.<sup>160</sup> En deur op toegangskartjies 'n bepaling te plaas wat kaartjiehouers verbied om enige beeldmateriaal, foto of ander inligting aangaande die sportbyeenkoms te versprei, kan die eksklusiwiteit van die mediaregte beskerm word.<sup>161</sup>

Maar soos die dames se hondeskou<sup>162</sup> 'n eeu gelede die rigtingwyser sou bied waarvolgens die vroeë geskille aangaande mediaregte in sport oraloor beslis is, bied 'n ongewone saak meer onlangs 'n aanduiding dat die Engelse reg ietwat van daardie benadering aanbeweeg het en dalk net in toekomstige geskille aangaande mediaregte kan neig in 'n rigting waar 'n

beskermingswaardige belang inherent aan sport en die gepaardgaande mediaregte erken word. *Douglas v Hello! Ltd*<sup>163</sup> handel oor die huweliksbevestiging van twee beroemde filmsterre, Michael Douglas en Catherine Zeta-Jones, en die publikasie van foto's wat tydens die bruilof geneem is. Die egpaar het vooraf die eksklusiewe reg om foto's by die bruilof te neem en te publiseer, vir 'n bedrag van £1 miljoen aan die uitgewers van die tydskrif *OK!* verleen. Ingevolge die kontrak sou die egpaar ook streng beheer kon uitoefen oor die foto's wat inderdaad vir publikasie gekies sou word. 'n *Paparazzo* het egter sonder medewete van die egpaar toegang tot die verrigtinge gekry, sonder magtiging foto's geneem en sy foto's aan uitgewers te koop aangebied. Die uitgewers van die tydskrif *Hello!* het sy foto's gretig opgeraap en die uiteinde was dat, na 'n poging om 'n tussentydse interdik te bekom deur die appèlhof gefnuik is,<sup>164</sup> die uitgawe van *Hello!* met die ongemagtigde foto's van die bruilof op dieselfde dag verskyn het as die uitgawe van *OK!* met die gemagtigde foto's.

Die egpaar en *OK!* stel daarop eise in teen onder andere *Hello!* en die betrokke *paparazzo* en die eise word in die hof van eerste instansie toegestaan.<sup>165</sup> In appèl handhaaf die hofie uitspraak in soverre dit betrekking het op die eise van die egpaar. Lord Phillips beslis dat die neem en publikasie van die ongemagtigde foto's op sigself die egpaar se privaatheid geskend het.<sup>166</sup> Maar, en belangriker vir hierdie bespreking, Lord Phillips ondersoek ook die optrede van die respondente in die mate wat die neem en publikasie van die ongemagtigde foto's die egpaar se kontrak met die uitgewers van *OK!* in gedrang gebring het. Hy beslis dat die egpaar redelike stappe geneem het om toegang tot die bruilof, asook die neem en publikasie van bruilofsfoto's te beperk, dat die uitgewers van *Hello!* daarvan bewus was dat die egpaar kommersiële gewin uit die privaatheid van hulle bruilof en die publikasie van gemagtigde foto's wou maak, dat hulle bewus daarvan was dat die foto's sonder magtiging geneem is en dat hulle desnieteenstaande voortgegaan het om die ongemagtigde foto's te publiseer.<sup>167</sup> Lord Phillips som die Engelse reg in hierdie verband soos volg op:<sup>168</sup>

Where an individual (the owner) has at his disposal information which he has created or which is private or personal and to which he can properly deny access to third parties, and he reasonably intends to profit commercially by using or publishing that information, then a third party who is, or ought to be, aware of these matters and who has knowingly obtained the information without authority, will be in breach of duty if he uses or publishes the information to the detriment of the owner. We have used the term 'the owner' loosely.

Gevolglik vind hy geen rede om die verhoorhof se bevinding ten opsigte van skadevergoeding en putatiewe lisensiegelde tersyde te stel nie. Hy voeg egter by dat die egpaar 'n sterk saak gehad het, dat hulle aanvanklike aansoek om 'n tussentydse interdik suksesvol moes gewees het en dat skadevergoeding nie in die omstandighede 'n toereikende remedie kon wees nie.<sup>169</sup>

Die hof wys egter die eise van *OK!* van die hand omdat die hof meen dat daar slegs vertroulikheid ten opsigte van die gemagtigde foto's bestaan het en dat geen sodanige plig ten opsigte van die ongemagtigde foto's gevind kon word nie; die hof bevind ook dat *OK!* nie bewys het dat *Hello!* die ongemagtigde foto's gepubliseer het met die bedoeling om in die besigheidsbelange van *OK!* in te meng of om *OK!* te benadeel nie.<sup>170</sup> In 'n verdere appèl word die destydse *House of Lords* versoek om die eise van *OK!* teenoor *Hello!* te heroorweeg,<sup>171</sup> maar *Hello!* berus hulle by die appèlhof se bevinding met betrekking tot die eise van die egpaar sodat dit nie voor die *House of Lords* sou dien nie.

In 'n meerderheidsbeslissing besluit die *House of Lords* dat die eis van *OK!* te make het met die beskerming van vertroulike kommersiële inligting. Deur die publikasie van die ongemagtigde foto's het *Hello!* hierdie vertroulikheid geskend sodat *OK!* derhalwe geregtig is op skadevergoeding en die bedrag van net meer as £1 miljoen wat die verhoorhof toegestaan het, was dus gepas.

Lord Hoffmann verduidelik eerstens dat dit van geen belang is dat die vertroulike inligting betrekking het op die persoonlike lewe van die egpaar nie. Dit kon ewenwel inligting gewees het aangaande enige iets anders waarvoor 'n koerant bereid sou wees om te betaal.<sup>172</sup> Wat wel van belang is, is dat die egpaar hulle bruilof op so 'n wyse gereël het dat hulle daardeur vertroulikheid kon bewerkstellig en die vloeï van inligting kon beheer. Daar is geen rede waarom die egpaar nie daardie vertroulikheid kon gebruik om bepaalde inligting, soos foto's, eksklusief aan *OK!* vir publikasie vry te stel nie, in welke geval die betrokke foto's ook vir *OK!* vertroulike inligting met 'n kommersiële waarde sou word. Die wyse waarop *Hello!* die ongemagtigde foto's bekom het, was 'n duidelike skending van die vertroulikheid en die latere publikasie van die gemagtigde foto's kon nie daardie skending ongedaan maak nie.<sup>173</sup> Daarbenewens meen Lord Brown dat die publikasie van die gemagtigde foto's slegs 'n gedeeltelike openbaarmaking van die bruilof was sodat dit ook nie die vertroulikheid oor die bruilof self, en by implikasie van ander foto's van die bruilof, opgehef het nie.<sup>174</sup>

Lord Hoffmann verduidelik voorts dat die inligting beskermingswaardig was, nie omdat dit die beeld of privaatheid van die egpaar sou raak nie, maar bloot omdat dit inligting was met kommersiële waarde waarvoor die egpaar voldoende beheer uitgeoefen het om dit vertroulik te maak.<sup>175</sup> Lord Brown voeg by dat die egpaar, ongeag enige reg op privaatheid, daarop geregtig was om eksklusiewe regte vir die neem en publikasie van foto's ten aansien van die bruilof te verhandel. En waar *OK!* betaal het om daardie eksklusiewe regte te bekom, behoort hulle daardie eksklusiewe regte te kan beskerm en die nodige regshulp te kan verkry.<sup>176</sup>

Indien 'n mens die egpaar vervang deur 'n sportklub, die bruilof vervang deur 'n sportbyeenkoms, die foto's vervang deur beeldmateriaal en die tydskrifte vervang deur medianetwerke, bied die uitspraak van Lord Phillips in die appèlhof<sup>177</sup> tesame met die uitsprake van Lords Hofmann en Brown in die

*House of Lords*,<sup>178</sup> 'n duidelike aanduiding dat 'n sportklub in die byeenkomste wat dit reël, volgens die Engelse reg 'n kommersiële belang in die wedstryde het, dat die sportklub die vloei van inligting aangaande die wedstryde kan beheer en dat sodanige beheer sal beteken dat inligting aangaande die wedstryde vertroulik is. Die sportklub kan dan ook aan 'n medianetwerk die eksklusiewe reg verleen om inligting aangaande 'n byeenkoms in die vorm van byvoorbeeld beeldmateriaal of regstreekse kommentaar te publiseer. Die uitsprake van Lords Hoffmann en Brown in die *House of Lords*<sup>179</sup> sou beteken dat 'n medianetwerk wat sodanige eksklusiewe regte bekom het, daardie eksklusiewe regte in die Engelse reg teen inbreuk deur mededingers kan beskerm.

Die Duitse reg aangaande mediaregte in sport is met die eerste oogopslag verbasend soortgelyk aan die Engelse reg. Mediaregte in sport word afgelei uit die sogenaamde *Hausrechts* of (huis-) okkupeerdersregte wat erken word uit hoofde van die beskerming van besit in die *Bürgerliches Gesetzbuch*.<sup>180</sup> Die Duitse reg erken nie mediaregte in sport as sulks nie,<sup>181</sup> maar die okkupeerdersregte laat toe dat die eienaar of okkupeerder van 'n perseel kan bepaal wie daardie perseel mag betree, onder watter voorwaardes die perseel betree mag word en wie toegang tot die perseel geweier word.<sup>182</sup> Dit beteken dat 'n sportklub, as okkupeerder van 'n sportstadion, toegang mag voorbehou en voorwaardes, soos die heffing van toegangsgelde mag neerlê alvorens iemand die betrokke perseel mag binnegaan. Dit sluit dan ook die bevoegdheid in om toegang aan die media voor te behou en gelde te hef vir die verlening van sogenaamde *Hörfunkrechte* of radioregte, asook *Fernsehrechte* of televisieregte.<sup>183</sup> Die terminologie is ietwat misleidend want die verlening van goedkeuring om 'n sportbyeenkoms uit te saai word nie regtens beskou as die oordrag van enige regte nie, maar wel as sou die organiseerders weens hulle besit van die perseel, bepaalde medianetwerke magtig om die perseel te betree en aandui dat hulle bepaalde sturnisse op die perseel sal verduur.<sup>184</sup>

Nietemin het die *Bundesgerichtshof* in 'n saak<sup>185</sup> rakende kartelbedrywighede by die sentrale verhandeling van televisieregte vir tuiswedstryde in die Europese sokkerligas deur die *Deutschen Fussballbund* (Duitse Voetbalbond), 'n aanduiding gegee dat sportklubs inderdaad 'n vermoënsregtelike belang kan hê in die wedstryde wat hulle organiseer. Die hof bevind dat elke sokkerklub self die bemerkbaarheid van die klub bevorder en dus die alleenhouer van die *Vermarktungsrechte* of bemarkingsregte ten opsigte van die klub is. Wedstryde word gereël met heelwat ywer en finansiële insette van die tuisklubs. Tuisklubs voorsien die stadions met al hulle geriewe, sien toe dat toegangskartjies vir die wedstryde verkoop word en beheer die toegang en uitgang van toeskouers, asook die verkoop van handelsware, eetgoed en drinkgoed op die perseel. Daarby skeep die spelers, afrigters, raadgevers en bestuurders van die tuisklub, net soos dié van die besoekende klub teen wie hulle speel, die produk wat die belangstelling van toeskouers prikkel. Gevolglik is die tuisklubs minstens vanuit 'n mededingingsoogpunt die oorspronklike mede-eienaars (tesame met hulle teenstanders in elke wedstryd)

van die bemerkingsregte ten opsigte van elke tuiswedstryd wat die klub aanbied.<sup>186</sup> Dit bring mee dat klubs ook die bemerkingsregte ingevolge artikel 823 (1) (aanspreeklikheid vir skadevergoeding) en artikel 826 (skade opsetlik teen openbare beleid veroorsaak) van die *Bürgerliches Gesetzbuch* kan beskerm.<sup>187</sup> Die *Bundesgerichtshof* het dan ook al bevind dat 'n onderneming wat programboekies ten opsigte van verskeie sportbyeenkomste druk en versprei, onregmatig meeding met die organiseerder van bokstoernooie wat self hulle eie programboekies voor en tydens die toernooie aan toeskouers wil verkoop.<sup>188</sup>

Die uitsending van kort videogrepe wat slegs enkele tonele uit 'n wedstryd of byeenkoms uitbeeld, kom egter nie neer op onregmatige mededinging met die betrokke sportliga nie en is ook nie 'n skending van enige ander regte van die betrokke sportliga nie, selfs waar die videogrepe geplaas word op 'n internetwebwerf wat staatmaak op reklame om 'n inkomste te genereer.<sup>189</sup> Daarby bepaal artikel 5 van die *Rundfunkstaatsvertrag* of staatsuitsaaiverdrag dat televisienetwerke beeldmateriaal gratis mag saamstel en uitsaai met die oog op kort nuusdekking van funksies en geleenthede wat vir die publiek toeganklik is en oor die algemeen belangstelling wek.

Die posisie in Nederland is soortgelyk. In 'n geskil tussen die *Koninklijke Nederlandse Voetbalbond (KNVB)* en die *Nederlandse Omroep Stichting (NOS)* aangaande die heffing van mediafooie vir die uitsending van sokkerwedstryde, beslis die *Hooge Raad*<sup>190</sup> dat in Nederland

worden de door de KNVB georganiseerde wedstrijden gehouden in stadions of op besloten terrein die aldus zijn ingericht dat die wedstrijden weliswaar voor het publiek toegankelijk zijn, maar – teneinde daardoor met de daar gespeelde wedstrijden inkomsten te verwerven – niet dan tegen betaling. Een deel van hetgeen het bijwonen van de wedstrijden voor het publiek aantrekkelijk maakt, kan aan dat publiek ook worden geboden door radio- en televisieuitzendingen en dat wel meer naar gelang die uitzendingen een vollediger beeld van de wedstrijd geven en, zo bij al niet in tijd met die wedstrijd samenvallen, daar sneller opvolgen. Als gevolg daarvan mag worden verwacht dat deze uitzendingen in de hand kunnen werken dat een deel van het publiek zich bepaalt tot het waarnemen van de uitzending in stede van tegen betaling de wedstrijd zelf bij te wonen. Mede in verband daarmee ligt in de rede dat de KNVB en de clubs slechts tegen betaling van een redelijke vergoeding toestemming zullen geven tot de handelingen in het stadion of op het wedstrijdterrein, die met het oog op het tot stand brengen van de uitzending nodig zijn, en, bij weigering van een zodanige vergoeding, deze handelingen zo veel als praktisch doenlijk te zullen beletten. Tot dit laatste hebben de KNVB en de clubs in beginsel de mogelijkheid en, nu het hier een geoorloofd belang geldt, rechtens de vrijheid, doordat zij aan hun toestemming tot het betreden van het stadion of het wedstrijdterrein

beperkinge kan en moeg verbind, daarbij gebruikmakend van de bevoegdheden die zij aan het eigendoms- of gebruiksrecht van dat stadion of terrein ontlene.

Die *KNVB* kan dus aanspraak maak op beskerming ten aansien van die uitsending van wedstryde. Dit bring mee dat iemand wat sonder magtiging wedstryde in geheel of gedeeltelik uitsaai, onregmatig optree. Nuisberigte om die publiek tydens wedstryde op hoogte te hou van die stand van sake, asook berigte wat na afloop van wedstryde die verloop van die spel beskryf, word egter nie hierdeur geraak nie.<sup>191</sup>

Hierdie uitspraak sou later die *KNVB* in konflik bring met een van die voorste sokkerklubs in Nederland, toe Feyenoord in stryd met die *KNVB* se reëls besluit het om mediaregte ten opsigte van al hulle tuiswedstryde in *De Kuip*-stadion, afsonderlik te bemark en geen betalings in hierdie verband aan die *KNVB* te maak nie. Die *KNVB* was van mening dat die mediaregte in al die wedstryde wat in die *KNVB*-ligas gespeel word, die *KNVB* en al die klubs gesamentlik toekom. Die *Hooge Raad*<sup>192</sup> word genoodsaak om die uitspraak in *NOS/KNVB* te heroorweeg en bevind dat die verantwoordelikheid om wedstryde te reël, hoofsaaklik by die tuisklubs berus en dat die tuisklubs grotendeels die ekonomiese risiko vir die wedstryde onderneem. Gevolglik kom die mediaregte vir sokkerwedstryde die tuisklubs toe en nóg die uitspraak in *NOS/KNVB*, nóg die blote feit dat die *KNVB* reeds vir tientalle jare die mediaregte kollektief verhandel het, het beteken dat die *KNVB* medegeregtig was op die mediaregte. Die mediaregte kom ook nie die spelers toe nie en die verlening van uitsendingsregte skend nie die spelers se *portretrechten* nie, want die spelers word eerstens ruim vergoed vir hulle dienste en tweedens neem die spelers deel aan sokkerwedstryde as lede van die betrokke klubs se spanne.<sup>193</sup>

Boonop bevind die hof in *KNVB/Feyenoord* dat die *KNVB* se reëls wat gesamentlike verhandeling van mediaregte vereis en die *KNVB* effektief as “een ‘sentraal verkoopkantoor’” aanwys, in stryd met toepaslike mededingingsmaatreëls en dus nietig is. Daarbenewens kom die hof tot die gevolgtrekking dat die uitspraak in *NOS/KNVB* geensins aandui dat mediaregte in sport nie vermoënsregte ingevolge artikel 3:6 van die *Burgerlijk Wetboek* kan wees nie. Die implikasie hiervan is dat wanneer ’n sportuitsending sonder magtiging van die organiseerder plaasvind, die betrokke medianetwerk hom ooreenkomstig artikel 6:162 van die *Burgerlijk Wetboek* aan ’n onregmatige daad skuldig kan maak en dienooreenkomstig aanspreeklik kan wees.

Die owerhede in Australië daarenteen, het deels in reaksie op *Victoria Park*, maar hoofsaaklik met die oog op die spele van die sestiende Olimpiade wat in 1956 in Melbourne sou plaasvind, gepoog om by wyse van wetgewing groter duidelikheid ten opsigte van uitsendingsregte in sport te bewerkstellig. Die *Broadcasting Act*<sup>194</sup> is gewysig<sup>195</sup> deur die invoeging van artikel 115 wat die



beeldsending van 'n sportbyeenkoms verbied indien die byeenkoms gehou word op 'n plek waar toegangsgelde gehef word en die beeldsending voortgebring word met toerusting wat buite daardie plek aangebring is. Dit was maar 'n taamlike halfhartige poging tot hervorming aangesien artikel 115 slegs verwys na beeldsendings (en dus nie radio-of ander uitsendings verbied het nie) en slegs verhoed dat iemand van buite die sportveld beeldmateriaal vir beeldsending opneem (en dus byvoorbeeld nie die neem van ongemagtigde beeldmateriaal binne die stadion dek nie). Die artikel het geensins enige beskermingswaardige belang in 'n sportbyeenkoms erken of gevestig nie en dus ook nie wat hierdie aspek aanbetref, die regsposisie neergelê in *Victoria Park* aangetas nie. Hierdie wet is intussen in 1992 herroep<sup>196</sup> en hoewel die *Broadcasting Services Act*<sup>197</sup> verskeie bepalings rakende sportprogramme<sup>198</sup> en sportkanale<sup>199</sup> bevat, is daar geen bepaling wat enige beskermingswaardige belang in 'n sportbyeenkoms as sulks erken nie. Gevolglik weerspieël die uitspraak in *Victoria Park* steeds die geldende beginsels waarvolgens mediaregte in sport volgens die Australiese reg hanteer word.

Die Franse het egter meer omsigtig te werk gegaan om mediaregte in sport taamlik omvattend by wyse van wetgewing te reël. Artikel L333 van die *Code du Sport* verleen erkenning aan mediaregte, of meer bepaald 'n *droit d'exploitation* of benuttingsreg, ten opsigte van 'n sportbyeenkoms. Die artikel bepaal dat sowel sportfederasies as sommige organiseerders van sportbyeenkomste, die eienaars (*propriétaires*) is van die betrokke mediaregte ten opsigte van die sportbyeenkomste of kompetisies wat hulle reël. Die organiseerders waarna verwys word, is enige natuurlike of regspersoon, anders as 'n sportfederasie, wat 'n sportbyeenkoms reël waar prysgeld of ander pryse die waarde te bowe gaan wat deur die minister belas met sport voorgeskryf is, en artikel L331-5 vereis dat die toestemming vir sodanige byeenkoms van die betrokke sportfederasie bekom moet word. Die *Code du Sport* omskryf nie die presiese omvang van die mediaregte nie, maar melding word wel gemaak van oudiovisuele benutting, terwyl artikel L333-1-1 bepaal dat dit ook die reg insluit om weddenskappe op die betrokke wedstryde te magtig. Daarby het die *Cour de Cassation* beslis dat die mediaregte ook die verspreiding van foto's ten opsigte van 'n sportbyeenkoms omvat.<sup>200</sup>

Enige sportfederasie mag gedeeltelik of ten volle die oudiovisuele mediaregte ten opsigte van enige bepaalde seisoen gratis oordra aan sportklubs wat aan 'n professionele liga deelneem. Die liga kan dan die oudiovisuele mediaregte tot voordeel van al die klubs in die liga ontgin.<sup>201</sup> Professionele ligas mag die oudiovisuele mediaregte kommersieel verhandel onderhewig aan enige beperkings wat die Franse parlement mag oplê. Die verhandeling moet geskied in bondels, vir 'n beperkte tydperk en met inagneming van mededingingsregulering.<sup>202</sup>

Joernaliste en werknemers van sowel die gedrukte- as die elektroniese media het vrylik toegang tot sportbyeenkomste, onderhewig aan oorwegings van openbare veiligheid en die kapasiteit van die perseel om hulle te

akkommodeer.<sup>203</sup> Sportfederasies mag hul eie reëls ten opsigte van toegang tot inligting opstel en aan die *Conseil supérieur de l'audiovisuel* of administratiewe owerheid vir elektroniese media, voorlê vir goedkeuring.<sup>204</sup> Die reëls moet aandui welke beperkings ten opsigte van 'n bepaalde byeenkoms geld, asook watter plekke tot beskikking van joernaliste en werknemers van die media gestel word.<sup>205</sup> Sonder die toestemming van die organiseerder mag die elektroniese media aan wie geen mediaregte verhandel is nie, nie afsonderlike beelde van die byeenkoms of die wedstryd self vaslê nie.<sup>206</sup>

Die verhandeling van mediaregte mag egter nie verhoed dat ander elektroniese mediadienste inligting aan die publiek oordra nie en sowel die verkoper as die verkryger van die mediaregte mag nie verhoed dat ander medianetwerke kort uittreksels uit die reghebbende se beeldmateriaal gratis vir hierdie doel benut nie.<sup>207</sup> Sodanige uittreksels moet egter gepaard gaan met identifikasie van en erkenning aan die reghebbende wie se beeldmateriaal aldus benut word. Die verhandeling van mediaregte verhoed voorts ook nie regstreekse of uitgestelde uitsendings van wedstrydkommentaar op die radio nie.<sup>208</sup>

#### 4. Posisie in Suid-Afrika

Die vraag na die aard van mediaregte in sport het nog nie in Suid-Afrika voor die hof gediens nie. Soos reeds hierbo vermeld, het nóg die Romeinse reg, nóg die Romeins-Hollandse reg enige vermoënsregtelike belang inherent aan sport erken. Daarbenewens is daar geen statutêre bepaling in Suid-Afrika wat enige vermoënsregtelike belang in sport omskryf en beskerm nie. Gevolglik word soms gesê dat daar geen grondslag in die Suid-Afrikaanse reg is waarvolgens mediaregte in sport erken kan word nie en derhalwe is daar geen regstreekse wyse waarop sportbyeenkomste teen ongemagtigde uitsendings beskerm kan word nie.<sup>209</sup> Die standpunt is dan dat mediaregte blote vorderingsregte is wat uitsluitlik by wyse van kontrak geskep en beheer word en dat beskerming onregstreeks bewerkstellig moet word deur middel van gewone kontraktuele remedies en die gewone besittingsregte wat 'n sportklub ten opsigte van 'n sportstadion mag hê.<sup>210</sup> Deur beheer uit te oefen oor die toegang na die stadion, kan sportklubs dus ook beheer wie in staat sal wees om die betrokke sportbyeenkoms uit te saai.<sup>211</sup>

'n Kontrak vir die toewysing van mediaregte bepaal in die algemeen dat 'n mediahuis instem om 'n bepaalde bedrag geld aan die organiseerder van 'n sportbyeenkoms te betaal in ruil vir die organiseerder se instemming om 'n mate van eksklusiewe toegang tot die sportbyeenkoms aan die betrokke mediahuis te verleen sodat die mediahuis regstreekse of uitgestelde dekking van die wedstryd per radio, televisie, die internet of andersins kan bewerkstellig;<sup>212</sup> en, volgens hierdie beskouing, deur toegang van ander mediahuise te beperk en op toegangskartjies 'n bepaling te plaas wat kaartjehouers verbied om enige beeldmateriaal, foto of ander inligting

aangaande die sportbyeenkoms te versprei, kan die eksklusiwiteit van die mediaregte beskerm word.

Hierdie ontleding skep egter drie onoorkomelike probleme. Eerstens beteken die konstruksie waarvolgens mediaregte blote vorderingsregte is wat kontraktueel ontstaan, dat die algemene beginsels van die kontraktereg dan ten opsigte van die mediaregte sal geld. Die belangrikste hiervan is die leerstuk van kontraktuele gebondenheid waarvolgens slegs die partye by die kontrak in die algemeen gebind word om die bedinge van die kontrak na te kom.<sup>213</sup> Gevolglik sal die verlening van mediaregte by kontrak slegs die partye by die kontrak bind, terwyl derde partye wat ook die betrokke byeenkoms wil uitsaai, geensins deur die betrokke kontrak gebind sal word nie en dus nie op hierdie wyse verhoed kan word om die byeenkoms uit te saai nie. Tweedens sal enige beperking wat kaartjehouers verbied om enige beeldmateriaal, foto of ander inligting aangaande die sportbyeenkoms te versprei, inbreuk maak op gemeenregtelike vryheid om aan die handelsverkeer deel te neem en derhalwe neerkom op 'n beperking van handelsvryheid.<sup>214</sup> 'n Beperking op handelsvryheid is egter slegs geldig indien die beperking daarop gerig is om 'n regmatige belang te beskerm.<sup>215</sup> Indien daar geen beskermingswaardige belang inherent aan sport is nie en derhalwe geen mediaregte as sulks in sport kan bestaan nie, is daar gevolglik ook geen regmatige belang wat by wyse van 'n beperking op handelsvryheid beskerm kan word nie. Daarby het die hof al bevind dat die blote beperking of uitsluiting van mededingers nie 'n belang is wat regtens by wyse van 'n beperking op handelsvryheid beskermingswaardig kan wees nie.<sup>216</sup> Dit beteken dat beperkings wat op toegangskaartjies gedruk word, onafdwingbaar kan wees en nie noodwendig kan verhoed dat toeskouers enige beeldmateriaal, foto of ander inligting aangaande die sportbyeenkoms mag versprei nie. Derdens bied die benadering dat mediaregte afhang van toegangsbeheer geen beskerming waar 'n bepaalde sportbyeenkoms, soos die *Comrades Marathon*, op openbare geriewe plaasvind nie. In sulke gevalle kan die organiseerder nie aanspraak maak op enige besittingsregte nie en dus ook nie toegang voorbehou nie.

Die ontleding skep ook 'n absurde situasie: Indien iemand byvoorbeeld 'n horlosie (of enige iets anders) teen R5,000 koop en 'n derde maak inbreuk op die koper se eiendomsreg, dan het die koper sakeregtelike en deliktuele remedies tot sy beskikking om sy belange te beskerm. Indien 'n medianetwerk egter honderde miljoene Rande vir eksklusiewe mediaregte in sport betaal, en 'n derde maak inbreuk op die eksklusiwiteit is daar egter volgens hierdie beskouing regtens geen remedie tot die beskikking van die medianetwerk om daardie belegging te beskerm nie. Of indien iemand 'n paar sekondes neem om 'n foto met 'n selfoon af te neem, en 'n derde publiseer daardie foto sonder magtiging, dan het die persoon wat die foto geneem het<sup>217</sup> statutêre en deliktuele remedies tot sy beskikking om sy outeursreg en verwante regte te beskerm. Indien 'n sportklub egter miljoene Rande en duisende ure aan arbeid bestee om 'n sportbyeenkoms moontlik te maak, en 'n derde saai die byeenkoms sonder toestemming uit, is daar volgens hierdie opvatting egter nie

enige remedie tot beskikking van die sportklub nie. Dit kan tog nie in 'n moderne regstelsel houdbaar wees dat iemand ongeërg teer op die arbeid en belegging van 'n ander deur hom effektief die vrugte van die arbeid en belegging te ontnem nie. Die punt is dat sportliggame die finansiële- en ander risiko's dra vir sportbyeenkomste wat hulle reël. En soos howe elders ook reeds aangedui het, is sportwedstryde slegs moontlik indien sportliggame met groot ywer en onkoste spelers, skeidsregters en ander beamptes kontrakteer, afrig en vergoed, stadions met al hulle geriewe voorsien en in stand hou, toesien dat toegangskartjies vir die wedstryde verkoop word en toegang en uitgang van toeskouers tot die perseel in belang van openbare orde en -veiligheid beheer.

Sportliggame het hoofsaaklik vyf bronne van inkomste waaruit hulle die onkoste verbonde aan sportbyeenkomste kan verhaal, te wete staatsubsidie, hekgelde, kommersiële borgskappe, handelsware en mediaregte. Indien sportliggame nie hierdie bronne kan beskerm nie, sou professionele sport (en heelwat amateursport) doodeenvoudig nie moontlik wees nie. Staatsubsidie dra minder as een persent by tot die totale inkomste van sportfederasies in Suid-Afrika<sup>218</sup> en daarom moet daar na die ander bronne omgesien word. Hekgelde word beskerm deur die algemene beginsels van eiendomsreg waarvolgens die reg van toegang voorbehou kan word,<sup>219</sup> handelsware word ingevolge die handelsmerkereg,<sup>220</sup> die gemeenregtelike verbod op aanklamping<sup>221</sup> en aanleuning<sup>222</sup> en statutêre maatreëls teen vervalste goedere<sup>223</sup> beskerm, terwyl kommersiële borgskappe by wyse van statutêre maatreëls teen sluikreklame beskerm kan word.<sup>224</sup>

Om teen hierdie agtergrond dan vol te hou dat mediaregte nie regtens as sulks beskerm kan word nie, is doodeenvoudig net nie houdbaar nie, veral nie indien 'n mens in ag neem dat sportliggame in Suid-Afrika bykans 60% van hulle inkomste uit die verhandeling van mediaregte verdien en medianetwerke, soos *Supersport*, jaarliks miljarde Rande aan televisieregte opdok nie.<sup>225</sup> Medianetwerke maak duidelik 'n enorme belegging in sport en sowel professionele- as amateursport sal sonder daardie belegging beswaarlik kan voortbestaan.

Daarbenewens is hier ook 'n groter openbare belang wat in ag geneem moet word. Sport vervul verskeie sosio-ekonomiese en politieke funksies in ons samelewing.<sup>226</sup> Een hiervan is die bevordering van fiksheid en openbare gesondheid, wat op sy beurt daarop gemik is om produktiwiteit te bevorder en die eise wat aan openbare gesondheidsdienste gestel word, te verminder.<sup>227</sup> Sport bied ook die geleentheid om 'n gevoel van nasionale eenheid te kweek, veral in 'n land soos Suid-Afrika wat 'n geskiedenis van verdeeldheid het. 'n Mens hoef hier maar net te verwys na die ikoniese geleentheid toe President Mandela tydens die finale wedstryd van die Rugby-Wêreldbekertoernooi in 1995 'n Springbokrugbytrui met Francois Pienaar se nommer 6 op die rug gedra het, om die duidelike impak van sport in hierdie verband te begryp. Daarbenewens maak sport 'n daadwerklike bydra tot die ekonomie en die

skepping van werksgeleenthede.<sup>228</sup> Sport dra jaarliks sowat R6 miljard in regstreekse besteding tot die Suid-Afrikaanse ekonomie by.<sup>229</sup> Maar sommige groot sportgebeure het op sigself 'n groot impak. Die rugbytoer van die Britse en Ierse Leeus in 2009 het sowat 37,000 toeriste na Suid-Afrika gelok en in ses weke ongeveer R1.5 miljard tot die bruto binnelandse produk in Suid-Afrika bygedra.<sup>230</sup> Die kledrepetisie vir sokker se Wêreldbekertoernooi, die Konfederasiebekertoernooi, het ook in 2009 sowat 15,000 besoekers na Suid-Afrika gelok en ongeveer R700 miljoen tot die ekonomie bygedra.<sup>231</sup> In dieselfde jaar het die Indiese Premierliga-kriekettoernooi wat te midde van vrese rondom die algemene verkiesings in Indië na Suid-Afrika verskuif is, ongeveer R1 miljard tot die ekonomie bygedra.<sup>232</sup> Die Wêreldbekertoernooi vir sokker in 2010 het na raming 400,000 toeriste na Suid-Afrika gelok en ongeveer R12 miljard tot die bruto binnelandse produk bygedra.<sup>233</sup> Wanneer 'n mens in ag neem dat al hierdie geleenthede te midde van die grootste ekonomiese krisis sedert die Groot Depressie plaasgevind het, is die syfers asemrowend. Hierby moet ook nog ingereken word die werksgeleenthede wat direk en indirek as gevolg van gemelde sportgeleenthede in die konstruksiebedryf, die toerismebedryf en ander terreine geskep is. Dan is dit duidelik dat dit in die openbare belang is om sport as ekonomiese bedryf te beskerm. En dit kan slegs gedoen word indien die beleggings wat sport moontlik maak, ook beskerm word.

Die blote feit dat daar oënskynlik geen gemeenregtelike grondslag vir die erkenning van mediaregte in sport is nie, beteken egter nie dat sodanige regte nie erken kan word nie. Die howe het immers 'n inherente bevoegdheid, asook in sommige gevalle 'n grondwetlike plig<sup>234</sup> om die gemenerereg te ontwikkel.

Indien die posisie in die Verenigde State van nader beskou word, kan daaruit 'n duidelike antwoord vir die erkenning en beskerming van mediaregte in sport volgens die Suid-Afrikaanse reg afgelei word. Soos reeds hierbo verduidelik, berus die beskerming van mediaregte in sport in die Verenigde State op die beginsels rakende onregmatige mededinging en is daar in die Verenigde State 'n noue verband tussen die erkenning van mediaregte in sport deur die howe in sommige deelstate en elke individu se gemeenregtelike reg van publisiteit wat in verskeie deelstate uit die reg op privaatheid afgelei is. Die grondslag vir die beskerming van die reg van publisiteit ingevolge hierdie beginsels is uitsluitlik die finansiële belange wat die individu in sy beeld het<sup>235</sup> terwyl mediaregte in sport, net soos die publisiteitsregte van elke individu, oor die algemeen in die Verenigde State beskerm word op grond van die beginsel dat elkeen daarop geregtig is om hulle naam, reputasie, werfkrag en besigheidsbelange teen onregmatige mededinging te beskerm.<sup>236</sup>

Die beginsels aangaande onregmatige mededinging kan ook in die Suid-Afrikaanse reg toegepas word om mediaregte in sport te erken en beskerm. Ons reg erken al vir 'n geruime tyd dat elke onderneming 'n subjektiewe reg op werfkrag het.<sup>237</sup> 'n Sportfederasie, as onderneming, beskik dus ook oor die reg op werfkrag. Hierdie werfkrag is nie maar 'n blote verskyningsvorm van

die reputasie van 'n onderneming nie. Reputasie is hoofsaaklik 'n persoonlikheidsbelang,<sup>238</sup> maar werfkrag is inderdaad 'n vermoënsbelang wat in die boedel van die betrokke onderneming setel.<sup>239</sup> Dit is waarskynlik die belangrikste bate vir enige onderneming, want sonder die vermoë om klante of kliënte te lok, sou geen onderneming sinvol kan bestaan nie.

Werkkrag is 'n onstoflike bate in die boedel van 'n onderneming net soos wat vertroulike inligting of handelsgeheime onstoflike bates vir so 'n onderneming kan wees. En soos regter Diamond ten opsigte van laasgenoemde verduidelik,<sup>240</sup> tree 'n onderneming onregmatig op wanneer dit tot eie voordeel gebruik maak van vertroulike inligting wat 'n mededinger met ywer en vernuf ontwikkel het. Die ongemagtigde gebruik van vertroulike inligting behels die aanmatiging van 'n handelsbate wat met die ywer en vernuf van 'n ander voortgebring is. Volgens regter Diemont is dit moeilik om te sien hoe sodanige aanmatiging in beginsel sou verskil van die geval waar iemand handelsware uit 'n winkel steel. Indien dit vasstaan dat werfkrag 'n bate is, kan daar sekerlik in beginsel geen onderskeid gemaak word tussen die ongemagtigde gebruik van werfkrag aan die een kant en die ongemagtigde gebruik van enige ander handelsbate, soos vertroulike inligting, aan die ander kant nie. Regter Van Dijkhorst verduidelik<sup>241</sup> inderdaad dan ook dat die misbruik van vertroulike inligting of handelsgeheime self ook neerkom op aantasting van werfkrag. Gevolglik is daar geen onderliggende verskil tussen misbruik van vertroulike inligting en misbruik van werfkrag nie. Uiteindelik kom beide gevalle neer op bepaalde verskyningsvorme van onregmatige mededinging. Die vraag is dan: Is die werfkrag verbonde aan 'n bepaalde sportbyeenkoms nie 'n bate wat met ywer en vernuf deur die betrokke sportfederasie ontwikkel is nie? Is die verloop van die spel waar die reg van toegang tot die sportstadion voorbehou is, nie vertroulike inligting nie?

Die klante van 'n sportfederasie is in 'n groot mate die toeskouers wat met groot entoesiasme die wel en weë van hulle gunsteling sportspan volg. Medianetwerke ding direk met sportfederasies mee om die klandisie van hierdie toeskouers te bekom. Toeskouers wat hekgelde betaal om 'n wedstryd by te woon, volg oor die algemeen nie die wedstryd op die televisie of radio nie, terwyl sportgeesdriftiges wat sport op televisie of die radio volg, uit die aard van die saak gewoonlik nie hekgelde by die stadion betaal nie. En is die ongemagtigde uitsending van 'n sportbyeenkoms nie dan ook 'n duidelike onregmatige aantasting van die sportfederasie se werfkrag nie?

Benewens die vermoënsregtelike belang in werfkrag is daar ook persoonlikheidsbelange wat hier ter sprake is.<sup>242</sup> Dit is veral vir die doeleindes van hierdie bespreking van die uiterste belang dat dit nie alleen natuurlike persone is wat oor persoonlikheidsregte beskik nie, maar dat regs persone, soos maatskappye, in soverre dit sinvol is, ook oor persoonlikheidsregte soos reputasie en identiteit beskik.<sup>243</sup>

Uit die aard van die saak staan die vermoënsbelang in werfkrag in sterk verband met die persoonlikheidsbelang in reputasie.<sup>244</sup> Maar sowel werfkrag as reputasie is onlosmaaklik verbind aan identiteit. Werfkrag of reputasie is immers sinloos indien dit nie gepaard gaan met 'n bepaalde individu of onderneming wat as sodanig geëien kan word nie.<sup>245</sup> Die unieke wesenskenmerke wat die reg op identiteit onderlê, is terselfdertyd ook die eienskappe wat een individu of onderneming met 'n bepaalde werfkrag en reputasie onderskei van 'n ander met 'n ander werfkrag of reputasie.<sup>246</sup>

In hierdie verband omvat identiteit daardie uniekheid of eienaardigheid wat 'n persoon of onderneming as 'n individu identifiseer of individualiseer en hom van andere onderskei. Identiteit omvat daardie versameling eienskappe wat die individu of onderneming anders maak as ander.<sup>247</sup> In die geval van 'n onderneming omvat dit eerstens die geregistreerde en gemeenregtelike handelsmerke van daardie onderneming. Maar dit behels veel meer. Dit behels byvoorbeeld ook die wyse waarop winkels ingerig word – 'n mens kan byvoorbeeld enige plek ter wêreld in 'n McDonald's kitskoswinkel instap en onmiddellik 'n gevoel van bekendheid beleef. Identiteit behels ook die bepaalde handelsware van 'n onderneming en die wyse waarop dit verpak word. In die geval van 'n sportfederasie is die “handelsware” immers sportbyeenkomste en omvat identiteit dan ook die toernooie en wedstryde wat daardie sportfederasie aanbied en dit anders maak as ander sportfederasies. Wanneer 'n mens byvoorbeeld aan die Internasionale Olimpiese Komitee dink, dink 'n mens onwillekeurig aan die Olimpiese embleem van vyf gekleurde ringe op 'n wit agtergrond. Maar 'n mens dink terselfdertyd ook aan die Olimpiese Spele, die grootse openingseremonie, die aansteek van die fakkel, die wedywering in 'n verskeidenheid van sportsoorte, die oorhandiging van medaljes aan wenner, ensovoorts. Dit is alles onlosmaaklike eienskappe wat die identiteit van die Internasionale Olimpiese Komitee bepaal. Dieselfde kan ook gesê word van ander sportfederasies en die groot toernooie wat hulle aanbied.

Die reg op identiteit kan in hierdie verband geskend word indien die unieke eienskappe van 'n persoon sonder magtiging deur 'n ander persoon vir kommersiële gewin gebruik word.<sup>248</sup> Benewens die ongemagtigde gebruik van die individu of onderneming se beeld behels sodanige gebruik ook primêr 'n kommersiële motief wat uitsluitlik daarop gerig is om 'n produk of diens te bevorder of om klante of kliënte te werf.<sup>249</sup> Hierdie skending van die reg op identiteit het dus hoofsaaklik te make met die ongemagtigde gebruik van die individu of onderneming se wesenseienskappe met die bedoeling om finansiële daarby te baat. Die onregmatigheid in hierdie geval is hoofsaaklik geleë in skending van die reg op vryheid van assosiasie en die kommersiële uitbuiting van die individu of onderneming.<sup>250</sup>

Indien dit vasstaan dat elke sportfederasie ook oor persoonlikheidsregte, en meer bepaald 'n reg op identiteit beskik, kan daar tog geen logiese onderskeid wees tussen die geval waar die beeld van 'n individu sonder magtiging in

reklame gebruik word en die geval waar die uitsendings van 'n sportbyeenkoms sonder magtiging die beeld van 'n sportfederasie gebruik nie.

Hierdie persoonlikheidsregte kan ook die grondslag vorm vir die erkenning van 'n vermoënsregtelike belang in sport. In die gemenerereg<sup>251</sup> is reeds aanvaar dat die skending van persoonlikheidsregte ook kan lei tot vermoënskade en daar is heelwat gesag wat daarop dui dat skadevergoeding in sodanige omstandighede toegestaan kan word aan 'n benadeelde party wie se persoonlikheidsregte geskend is.<sup>252</sup> Hoewel die howe nie eensgesind is oor die toepaslike remedie wat in hierdie verband aanwending sou vind nie, verduidelik Neethling<sup>253</sup> tereg

[m]et die *actio iniuriarum* word genoegdoening (*solatium*) op grond van persoonlikheidskrenking verhaal. Dit is in 'n mate steeds 'n *actio vindictam spirans* en as sodanig nie 'n aksie gerig op die verhaal van skadevergoeding nie. In die geval van vermoënskade moet die *actio legis Aquiliae* ingestel word. Dit geld ook ten opsigte van vermoënskade wat deur 'n *iniuria* meegebring word. ... [Daar] moet nietemin goed voor oë gehou word dat alhoewel hierdie twee aksies in teorie geskei is, in die praktyk skadevergoeding en genoegdoening in een [proses] verhaal word en dat die twee aksies omtrent nie meer by name genoem word nie.

Dit hou belangrike implikasies in wat die reg op identiteit betref. As persoonlikheidsreg, kleef die reg op identiteit aan die individu of onderneming en dit kan nie verhandel word nie. Maar as vermoënsreg staan die reg op identiteit egter los van die individu of onderneming en vorm as't ware 'n onstofflike bate wat verhandel kan word.<sup>254</sup>

Die erkenning en beskerming van 'n vermoënsbelang in sport kan dus regtens afgelei word uit die erkenning en beskerming van verskeie verwante vermoëns- en persoonlikheidsbelange, te wete werfkrag, reputasie en identiteit.<sup>255</sup> Gevolglik is hier dan ook 'n vermoënsbelang wat verhandel kan word, sodat 'n sportfederasie die sogenaamde mediaregte in 'n byeenkoms eksklusief aan 'n bepaalde medianetwerk kan oordra. Waar ongemagtigde uitsendings van 'n sportbyeenkoms op een van hierdie regte van die betrokke sportfederasie inbreuk maak, is dit gevolglik onregmatig en kan die betrokke sportfederasie of ander belanghebbende met behulp van die gewone deliktuele remedies stappe doen om hulle belange te beskerm. Hier is dan ook 'n regmatige besigheidsbelang wat inderdaad by wyse van 'n beperking op handelsvryheid beskerm kan word deur op toegangskaartjies aan te dui dat toeskouers geen beeldmateriaal, foto's of ander inligting aangaande 'n wedstryd mag versprei nie.

Indien mediaregte in sport in die Suid-Afrikaanse reg afgelei word uit die erkenning en beskerming van werfkrag, reputasie en identiteit, is die volgende logiese vraag aan wie die regte toekom. Die antwoord is voor die hand liggend – die sportliggaam wie se werfkrag, reputasie en identiteit ter sprake is. Maar



by die meeste sportsoorte is dit nie noodwendig een enkele belanghebbende nie. 'n *Curriebeker*-rugbywedstryd raak die werfkrag, reputasie en identiteit van sowel die tuisspan as die besoekende span. Dit raak voorts ook die werfkrag, reputasie en identiteit van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie wat die *Curriebeker*-reeks reël. Dit is egter niks vreemds dat meerdere partye 'n belang ten opsigte van dieselfde regsgoed kan hê nie. Wanneer 'n boek gepubliseer word, vestig outeursreg in die teks in die outeur, die fotograaf of kunstenaar het outeursreg ten opsigte van enige foto of afbeelding wat in die boek verskyn, terwyl die uitgewer outeursreg in die gedrukte uitgawe het.<sup>256</sup> Net soos wat die verhouding tussen die reghebbendes in laasgenoemde geval onderling by wyse van kontrak gereël word, so kan die onderskeie sportliggame wat 'n belang by 'n sportbyeenkoms het, onderling kontrakteer om die verhandeling van die mediaregte te reël.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat mediaregte in sport nie onbeperk is nie. By enige aksie weens die skending van 'n subjektiewe reg moet 'n verskeidenheid van botsende belange teen mekaar opgeweeg word. By ongemagtigde sportuitsendings, moet die werfkrag, reputasie, reg op identiteit en vryheid van assosiasie van die sportfederasie dikwels opgeweeg word teen die uitsaaier se reg op vryheid van uitdrukking. Dit spreek vanself dat enige ongemagtigde sportuitsending onregmatig moet wees alvorens 'n sportfederasie met enige deliksaksie teen die uitsaaier sal kan slaag. Daar is gevolglik ook sekere regverdigingsgronde wat daartoe kan lei dat die ongemagtigde uitsending van 'n sportbyeenkoms inderdaad nie onregmatig sal wees nie. Hierdie gronde sluit onder andere in toestemming,<sup>257</sup> waarheid en openbare belang,<sup>258</sup> billike kommentaar<sup>259</sup> en skerts.<sup>260</sup>

Toestemming as regverdiging vir die gebruik van die individu se beeld spreek vanself, nie alleen weens die reël *volenti non fit iniuria* nie, maar ook omdat die polemieke rondom mediaregte in sport hoofsaaklik draai rondom *ongemagtigde* uitsendings. Die ander regverdigingsgronde, te wete waarheid en openbare belang, billike kommentaar en skerts herinner aan die regverdigingsgronde soos die gebruik van uittreksels vir nuusberiggewing wat elders in die wêreld ten opsigte van sportbyeenkomste toegelaat word.<sup>261</sup>

## 5. Gevolgtrekking

Die gemenerereg het weliswaar geen vermoënsbelang in sport erken nie, maar sport was in daardie tye meer van 'n tydverdryf as 'n ekonomiese onderneming. Moderne sport het 'n enorme bedryf geword wat 'n belangrike bydra maak tot die wêreld ekonomie en die Suid-Afrikaanse ekonomie in die besonder. En soos in enige ander bedryf, kan sportfederasies en sportklubs aanspraak maak op 'n werfkrag wat met heelwat kundigheid, ywer, moeite en onkoste opgebou word. Gevolglik is dit noodsaaklik dat die reg ook ontwikkel om hierdie realiteite in ag te neem.

Moderne sport is slegs moontlik weens die enorme beleggings wat medianetwerke in sport maak as gevolg van die gelde wat hulle vir die verkryging van mediaregte in sport betaal. Die werfkrag wat sportfederasies of sportklubs opbou en die astronomiese bedrae geld wat medianetwerke bereid is om te betaal vir die reg om sportbyeenkomste uit te saai, is 'n duidelike teken dat daar inderdaad 'n vermoënsbelang in sport bestaan, dat sodanige belang deur sportliggame verhandel kan word en dat daardie belang regtens beskerm behoort te word in die hande van die betrokke sportliggaam of die medianetwerk aan wie daardie belang verhandel is. Geriefshalwe kan daar in navolging van bestaande industriepraktik na daardie vermoënsbelang as mediaregte verwys word.

### Bibliografie

Ammianus (325–391 n.C.) *Res gestae*.

Andreff, W. 2008. Globalisation of the sports economy. *Revista di Diritto ed Economia dello Sport*, 4(3):13–32.

Anoniem. 2011. How much is that in real money?  
<http://www.globalsecurity.org/military/world/spqr/money-1.htm> (21 April 2014 geraadpleeg).

Anoniem. 2014. Baseball in New Jersey: The definitive history.  
<http://www.njsportsheroes.com/baseball.history.html> (25 April 2014 geraadpleeg).

Baker, W.J. 1988. *Sports in the Western World*. Chicago: University of Illinois Press.

Barr-Smith, A. 2009. United Kingdom. In Blackshaw *et al* (reds.) 2009.

Beck, D. en L. Bosshart. 2003. Sports and media. *Communication Research Trends*, 22(4):3–43.

Bentley, J.J. 2004. Is football a business? In Polley (red.) 2004.

Blackshaw, I.S., S.J. Cornelius en R. Siekman (reds.). 2009. *TV rights and sport: Legal aspects*. Den Haag: TMC Asser.

Blackstone, W. 1765–1769. *Commentaries on the laws of England*. Londen.

Boutros, L. 2014. Phoenician Olympics?  
<http://phoenicia.org/phoenicianolympics.html> (17 April 2014 geraadpleeg).

- Bowman, N.D. 2013. Social media, spaghetti westerns and modern spectator sports. In Coombs en Batchelor (reds.) 2013.
- Buchner, C. 2009. IPL 'n goeie advertensie vir SA, sê Zuma. *Beeld Sake*. 26 Mei, bl. 11.
- Burns, Y. 2009. *Communications law*. Durban: LexisNexis.
- Coakley, J.J. en E.C.J. Pike. 2009. *Sport in society: Issues and controversies*. 10de uitgawe. New York: McGraw-Hill.
- Coombs, D.S. en B. Batchelor (reds.). 2013. *American history through American sports: From colonial lacrosse to extreme sports*. Greenwood: ABC-Clio.
- Cornelius, S.J. 2003. European imperialism in sport. *International Sports Law Journal*, 2:28–32.
- 2008. Die reg op identiteit en die kommersiële ontginning van die individu se openbare beeld. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 4:645–68.
- 2009. South Africa. In Blackshaw *et al* (reds.) 2009.
- 2011. Sluikreklame in sport. *LitNet Akademies* 8(3)  
<http://www.litnet.co.za/Article/sluikreklame-in-sport> (1 Junie 2014 geraadpleeg).
- Coulton, G.G. 2010. *Medieval panorama: The English scene from conquest to reformation*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Craig, S. 2002. *Sports and games of the ancients*. Portsmouth: Greenwood Publishing.
- Crowther, N.B. 2007. *Sport in ancient times*. Portsmouth: Greenwood Publishing.
- De Groot, H. 1631 (1767) *Inleydinge tot de Hollandsche Regts-Geleertheit*. Amsterdam.
- Domat, J. 1703. *Les lois civiles dans leur ordre naturel livre pre'liminaire*. Parys.
- Dunning, E. en D. Malcolm. 2003. *Critical concepts in sociology: Sport volume 2: The Development of sport*. Londen: Taylor & Francis.
- Edwards, P. 1998. What's the score? Does the right of publicity protect professional sports leagues? *Albany Law Review*, 62:579–622.

- Eshed, J. 2004. The battle over broadcasting rights in Israeli football. *International Sports Law Journal*, 1-2:72–6.
- Ferrari, L. 2003. Legal aspects of media rights on football events under Italian law: Ownership, exploitation and competition issues. *International Sports Law Journal*, 3:4–10.
- Gilliver, C. en M. Whitby. 2005. *Rome at war: Caesar and his legacy*. Oxford: Osprey Publishing.
- Glanvill, R. 1188. *Tractatus de legibus et consuetudinibus regni Angliae*. Yorkshire.
- Guttmann, \*. 2006. Sports crowds. In Schnapp en Ties (reds.) 2006.
- Harvey, A. 2005. *Football: The first hundred years: The untold story*. Londen: Taylor & Francis.
- Hawkins, E. 2012. *Bookie gambler fixer spy: A journey to the heart of cricket's underworld*. Londen: Bloomsbury.
- Hopkins, A. 2004. *Tournaments and jousts: Training for war in medieval times*. New York: Rosen.
- Jensen, R. 2013. Holy cow! How the advent of early sports broadcasting dramatically changed how professional sports teams in the United States are marketed. In Coombs en Batchelor (reds.) 2013.
- Johnston, R.A. 2011. *All things medieval: An encyclopedia of the medieval world*. Greenwood: ABC-Clio.
- Klopper, H.B. en P. de W. van der Spuy. 2012. *Intellektuele goederereg*. Pretoria: Printburo.
- Livius (59 v.C.–17 n.C.) *Ad urbe condita libri*.
- Moodie, G. 2010. Stricter regulations loom for SA sports broadcast rights. *Moneyweb*. 8 Maart. <http://www.moneyweb.co.za/moneyweb-soapbox/stricter-regulations-loom-for-sa-sports-broadcast-> (1 Junie 2014 geraadpleeg).
- Neethling, J. 1998. *Persoonlikheidsreg*. Durban: Butterworths.
- Neethling, J. en J.M. Potgieter. 2010. *Neethling-Potgieter-Visser Deliktereg*. 6de uitgawe. Durban: LexisNexis.
- Newbury, W. 1856. *Historia rerum Anglicarum*, Londen.

- Newman, P.B. 2001. *Daily life in the Middle Ages*. Jefferson: McFarland.
- Ovidius (43 v.C.-17n.C.) *Ars amatoria*.
- Panagiotopoulos, D.P. (red.). 2005. *Sports law implementation and the Olympic Games*. Athene: Sakkoulas.
- Paterculus (19 v.C.-31 n.C.) *Historiarum libri duo*.
- Plinius (23-79 n.C.) *Naturalis historiae*.
- Polley, M. (red.). 2004. *The history of sports in Britain, 1880-1914: Volume 4 Sport and money*. Londen: Routledge.
- Potter, D.S. 1999. *Life, death, and entertainment in the Roman Empire*. Ann Arbor: University of Michigan Press.
- Pycroft, J. 1862. *The cricket-field*. Londen: L. Booth.
- Schnapp, J.T. en M. Tiews (reds.). 2006. *Crowds*. Stanford: Stanford University Press.
- Slabbert, A. 2010. Nuwe buro vir konferensies moet uit Wêreldbeker leer. *Beeld Sake*. 7 Mei, bl. 2.
- Smith, C. 2010. Sowat 400 000 buitelanders by WB. *Beeld Sake*. 1 November, bl. 2.
- Suetonius (70-130 n.C.) *Historia Augusti - Severus Alexander*.
- Szymanski, S. 2009. *Playbooks and checkbooks: An introduction to the economics of modern sports*. Princeton: Princeton University Press.
- Thys, L. 2009. Rugbytoer lewer leeu-bydrae tot SA toerismesektor. *Beeld Sake*. 21 November, bl. 13.
- Van Gaalen, J. 2005. Who owns sport broadcasting rights. In Panagiotopoulos (red.) 2005.
- Van Leeuwen, S. 1720. *Het Rooms-Hollands-Regt*. Amsterdam.
- Varro (116-27 v.C.) *De lingua Latina*.
- Verheyden, D. 2003. Ownership of TV rights in professional football in France. *International Sports Law Journal*, 3:17-8.
- Voet, J. (1698). *Commentarius ad Pandectas*.

Whittaker, J., P. McDonnell en T. Singh. 2003. United we stand: Collective media rights sales under challenge in England. *International Sports Law Journal*, 3:11–3.

W.I.P.O. 2014a. Broadcasting & media rights in sport. <http://www.wipo.int/ip-sport/en/broadcasting.html> (14 April 2014 geraadpleeg).

— 2014b. Sport and intellectual property. <http://www.wipo.int/ip-sport/en/> (14 April 2014 geraadpleeg).

Wolohan, J.T. 2007. Sports broadcasting rights in the United States. *International Sports Law Journal*, 3-4:52.

Womack, M. 2003. *Sport as symbol: Images of the athlete in art, literature and song*. Jefferson: McFarland.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Andreff (2008:15 e.v.).

<sup>2</sup> Andreff (2008:14).

<sup>3</sup> Sien in hierdie verband WIPO (2014b).

<sup>4</sup> *Ibid.*

<sup>5</sup> Andreff (2008:14).

<sup>6</sup> Vir enkele vbe., sien *Rudolph Mayer Pictures Inc v Pathe News Inc* 255 NYS 1018; *National Exhibition Co v Teleflash Inc* 24 F Supp 488; *Twentieth Century Sporting Club v Transradio Press Service* 300 NYS 159.

<sup>7</sup> WIPO (2014a).

<sup>8</sup> Eshed (2004); Whittaker *et al* (2003); Ferrari (2003); Verheyden (2003).

<sup>9</sup> *Ibid.*

<sup>10</sup> *Ibid.*

<sup>11</sup> *Ibid.*

<sup>12</sup> *Ibid.*

<sup>13</sup> Sien bv. *National Exhibition Co v Teleflash Inc* 24 F Supp 488, 489.

<sup>14</sup> *Ibid.*

<sup>15</sup> *Ibid.*

<sup>16</sup> Beck en Bosshart (2003:9).

<sup>17</sup> Beck en Bosshart (2003:11).

<sup>18</sup> Bowman (2013:35).

<sup>19</sup> Craig (2002:96); Womack(2003:30).

<sup>20</sup> Vir 'n volledige bespreking van sport in die antieke beskawings, sien Crowther(2007).

<sup>21</sup> Boutros (2014).

<sup>22</sup> Crowther (2007:45 e.v.).

<sup>23</sup> Szymanski (2009:6).

<sup>24</sup> Varro (6.20).

<sup>25</sup> Potter (1999:290).

<sup>26</sup> Livius (1.35.7 e.v.).

<sup>27</sup> Potter (1999:290).

<sup>28</sup> Potter (1999:289 e.v.).

<sup>29</sup> Plinius (36.102).

<sup>30</sup> Gilliver en Whitby (2005:17).

<sup>31</sup> (1.135 e.v.)

<sup>32</sup> C 5.17.8.3.

<sup>33</sup> C 5.17.8.2.

<sup>34</sup> Sien bv. *D* 33.1.6.

<sup>35</sup> Ammianus (28.4.28 e.v.).

<sup>36</sup> Sien bv. die *Senatusconsultum de Ludis Saecularibus*.

<sup>37</sup> Sien bv. die *Lex municipii Tarentini cap. 4*.

<sup>38</sup> Paterculus (2.27) vertel bv. van jaarlikse spele in die *circus* wat deur Sulla ingestel is om sy oorwinning oor Marius in 82 vC te vier, asook (2.79) van spele wat Marcus Titius in die *Teatrum Pompei* aangebied het. Sien ook *Tabula Heracleensis cap 19; D 50.12.10*.

<sup>39</sup> *D 30.1.122; D 33.1.6; D 33.1.24; D 33.2.17*.

<sup>40</sup> Sien bv. die *Lex Colonia Genetiva Julia cap. 70–1*, waarvolgens elke *duumvir* en *aedile* van die kolonie afsonderlik jaarliks uit hulle eie sak 2,000 *sestertii* moes bydra om spele in die *circus* te reël, terwyl die staatskas vir hierdie doel 2,000 *sestertii* vir die spele van *duumviri* en 1,000 *sestertii* vir spele van *aediles* kon bydra. Hoewel dit baie moeilik is om die teenswoordige waarde van geld in die antieke tyd te bepaal, wil dit voorkom of 1 *sestertius* die hedendaagse ekwivalent van ongeveer VSA \$10 (sien Anoniem (2011)) of rofweg R100 is. Dit beteken dat 2,000 *sestertii* dus die hedendaagse ekwivalent van ongeveer R200,000 is.

<sup>41</sup> *Historia Augusti - Severus Alexander (1.24)*.

<sup>42</sup> *D 43.8.2.9*.

<sup>43</sup> *D 43.8.2.11*.

<sup>44</sup> Johnston (2011:228 e.v.).

<sup>45</sup> Johnston (2011:229).

<sup>46</sup> *Ibid.*

<sup>47</sup> Hopkins (2004:9 e.v.).

<sup>48</sup> Newman (2001:176).

<sup>49</sup> Johnston (2011:228); sien ook Blackstone (1765–1769:2.3.7).

<sup>50</sup> Newbury (1856:5.4.1).

<sup>51</sup> Guttman (2006:117).

<sup>52</sup> Guttman (2006:117 e.v.).

<sup>53</sup> *Ibid.*

<sup>54</sup> De Groot (1631:2.1.35–6; Van Leeuwen (1720:2.1.14); Domat (1703:3.1.3).



<sup>55</sup> De Groot (1631:2.1.35–6); Van Leeuwen (1720:2.1.14).

<sup>56</sup> (1720:5.7.26).

<sup>57</sup> *Regiam Maiestatem Scotiae* 1.8.30.

<sup>58</sup> Glanvill (1188:1.30).

<sup>59</sup> Newman (2001:161 e.v.).

<sup>60</sup> Coulton (2010:590 e.v.).

<sup>61</sup> Dunning en Malcolm (2003:62 e.v.).

<sup>62</sup> Dunning en Malcolm (2003:64).

<sup>63</sup> Guttman (2006:118).

<sup>64</sup> Dunning en Malcolm (2003:64).

<sup>65</sup> *Ibid.*

<sup>66</sup> Baker (1988:104).

<sup>67</sup> *Ibid.*

<sup>68</sup> Szymanski (2009:20).

<sup>69</sup> *Ibid.*

<sup>70</sup> Pycroft (1862:74).

<sup>71</sup> Pycroft (1862:29–30).

<sup>72</sup> Pycroft (1862:63).

<sup>73</sup> Hawkins (2012:3–4); Szymanski (2009:20).

<sup>74</sup> Harvey (2005:153).

<sup>75</sup> Bentley (2004:153).

<sup>76</sup> Anoniem (2014).

<sup>77</sup> Szymanski (2009:130).

<sup>78</sup> *Ibid.*

<sup>79</sup> *Ibid.*

<sup>80</sup> Jensen (2013:20 e.v.).

<sup>81</sup> *Ibid.*

<sup>82</sup> *Ibid.*

<sup>83</sup> Jensen (2013:23).

<sup>84</sup> Jensen (2013:26).

<sup>85</sup> Jensen (2013:21).

<sup>86</sup> *Ibid.*

<sup>87</sup> *Ibid.*

<sup>88</sup> *Ibid.*

<sup>89</sup> Jensen (2013:21 e.v.).

<sup>90</sup> *Ibid.*

<sup>91</sup> Jensen (2013:33).

<sup>92</sup> Jensen (2013:23, 28 e.v.).

<sup>93</sup> Szymanski (2009:130).

<sup>94</sup> *Ibid.*

<sup>95</sup> *Ibid.*

<sup>96</sup> *Nottage v Jackson* (1882–3) LR 11 QBD 627.

<sup>97</sup> Stat 25 & 26 Vict c 68.

<sup>98</sup> *Ibid.*

<sup>99</sup> [1916] 2 KB 880.

<sup>100</sup> *Sports & General Press Agency Ltd v Our Dogs Publishing Co Ltd* [1917] 2 KB 125.

<sup>101</sup> *Rudolph Mayer Pictures Inc v Pathe News Inc* 255 NYS 1016.

<sup>102</sup> *Ibid.*

<sup>103</sup> Sien die bespreking van die *Rudolph Mayer*-saak in *Madison Square Garden Corp v Universal Pictures Co* 7 NYS 2d 845, 851.

<sup>104</sup> 24 F Supp 488.

<sup>105</sup> 490.

<sup>106</sup> 37 SR (NSW) 322.

<sup>107</sup> 338.

<sup>108</sup> 342 e.v.

<sup>109</sup> (1937) 58 CLR 479.

<sup>110</sup> 508 e.v.

<sup>111</sup> 509, 527.

<sup>112</sup> Hierbo n. 100.

<sup>113</sup> 494.

<sup>114</sup> 517–8.

<sup>115</sup> 518.

<sup>116</sup> 498, 511, 527.

<sup>117</sup> 300 NYS 159.

<sup>118</sup> 161.

<sup>119</sup> *Rudolph Mayer Pictures Inc v Pathe News Inc* 255 NYS 1016.

<sup>120</sup> 162.

<sup>121</sup> 24 F Supp 490.

<sup>122</sup> 492.

<sup>123</sup> 493.

<sup>124</sup> *Ibid.*

<sup>125</sup> 493 ev.

<sup>126</sup> 494.

<sup>127</sup> 7 NYS 2d 845.

<sup>128</sup> 24 F Supp 490, 460.

<sup>129</sup> 464.

<sup>130</sup> 466 e.v.

<sup>131</sup> 467.

<sup>132</sup> Barr-Smith (2009:549).

<sup>133</sup> Wolohan (2007).

<sup>134</sup> 24 F Supp 490 492, 493 e.v.

<sup>135</sup> 494.

<sup>136</sup> Sien by. *Cable Vision Inc v KUTV Inc* 211 F Supp 47 (Idaho); *National Basketball Association v Sports Team Analysis and Tracking Systems Inc* 939 F Supp 1071 (New York); *Zacchini v Scripps-Howard Broadcasting Co* 433 US 562 (Ohio); *Philadelphia Eagles Football Club Inc v City of Philadelphia* 823 A 2d 108 (Pennsylvania); *Southwestern Broadcasting Co v Oil Center Broadcasting Co* 210 SW 2d 230 (Texas).

<sup>137</sup> Sien by *Boston Professional Hockey Association Inc v Commissioner of Revenue* 820 NE 2d 792 (Massachusetts); *Wisconsin Interscholastic Athletic Association v Gannett Co Inc* 658 F 3d 614 (Wisconsin).

<sup>138</sup> 850 e.v.

<sup>139</sup> 852.

<sup>140</sup> 15 NY 2d 940.

<sup>141</sup> 947.

<sup>142</sup> (1998).

<sup>143</sup> Sien by. *Allison v Vintage Sports Plaques* 136 F3d 1443; *Venturi v Savitt Inc* 468 A2d 933; *Vassiliades v Garfinnckel's Brooks Bros* 492 A 2d 580; *Martin Luther King Jr Center for Social Change Inc vn American Heritage Products Inc* 296 SE 2d 697; *Reeves v United Artists Corp* 765 F 2d 79. Vir 'n meer

volledige bespreking van die reg op publisiteit in die Verenigde State, sien Cornelius (2008).

<sup>144</sup> *Ibid.*

<sup>145</sup> *Ibid.*

<sup>146</sup> 202 F 2d 866.

<sup>147</sup> 868.

<sup>148</sup> 852.

<sup>149</sup> 954.

<sup>150</sup> 953.

<sup>151</sup> 658 F 3d 614.

<sup>152</sup> 624. Sien ook die beslissing van die federale hooggeregshof in *Zacchini v Scripps-Howard Broadcasting Co* 433 US 562.

<sup>153</sup> 435 F Supp 1372.

<sup>154</sup> 1377.

<sup>155</sup> 505 F 3d 818.

<sup>156</sup> 'n Fantasiesportliga volg gewoonlik die gebeure in werklike sportligas. Deelnemers tree op as “spanbestuurders” en kan uit die poel van werklike spelers wat inderdaad vir die verskillende spanne in die werklike liga speel, vir hulself fantasiespanne saamstel. Indien 'n werklike speler in die werklike ligawedstryde punte aanteken, word daardie punte ook toegeken aan enige deelnemer wat die betrokke speler in sy fantasiespan ingesluit het. Die wenner van die fantasieliga is dan die deelnemer wat teen die einde van die werklike ligaseisoen op hierdie wyse die meeste punte vir sy fantasiespan ingesamel het.

<sup>157</sup> Barr-Smith (2009:549); Whittaker *et al* (2003).

<sup>158</sup> Whittaker *et al* (2003:11).

<sup>159</sup> Barr-Smith (2009:549).

<sup>160</sup> Barr-Smith (2009:552 e.v.).

<sup>161</sup> *Ibid.*

<sup>162</sup> *Sports & General Press Agency Ltd v Our Dogs Publishing Co Ltd* [1916] 2 KB 880.

<sup>163</sup> [2005] All ER 128 (CA).

<sup>164</sup> *Douglas v Hello! Ltd* [2001] 2 All ER 289 (CA).

<sup>165</sup> *Douglas v Hello! Ltd* [2003] 3 All ER 996 (Ch).

<sup>166</sup> *Douglas* (CA) 155.

<sup>167</sup> *Douglas* (CA) 158 e.v.

<sup>168</sup> *Douglas* (CA) 158.

<sup>169</sup> *Douglas* (CA) 193 e.v.

<sup>170</sup> *Douglas* (CA) 167 e.v.

<sup>171</sup> *OBG Ltd v Allan; Douglas v Hello; Mainstream Properties Ltd v Young* [2007] 4 All ER 545 (HL).

<sup>172</sup> *Douglas* (HL) 584.

<sup>173</sup> *Douglas* (HL) 584 e.v.

<sup>174</sup> *Douglas* (HL) 627.

<sup>175</sup> *Douglas* (HL) 584 e.v.

<sup>176</sup> *Douglas* (HL) 626.

<sup>177</sup> *Douglas* (CA).

<sup>178</sup> *Douglas* (HL).

<sup>179</sup> *Ibid.*

<sup>180</sup> *Buch 3 Abs 1*; sien *Hörfunkrechte* 2006 NJW 377 BGH Urt v 08-11-2005 – KZR 37/03.

<sup>181</sup> *Sportübertragungen* 1990 NJW 2815 BGH Urt v 14-03-1990 – KVR 4/88 2817.

<sup>182</sup> *Hörfunkrechte* 379 parr. 28–9.

<sup>183</sup> *Hörfunkrechte* 379 parr. 26 e.v.

<sup>184</sup> *Sportübertragungen* 2817.

<sup>185</sup> *Europapokalheimsiele* 1998 NJW 756 BGH Beschl v 11-12-1997 – KVR 7/96.

<sup>186</sup> *Europapokalheimsiele* 758 e.v.

<sup>187</sup> *Sportübertragungen* 1990 NJW 2815 BGH Urt v 14-03-1990 – KVR 4/88 2817.

<sup>188</sup> *Box-Programme* 1958 NJW 1486 BGH Urt v 22-04-1958 – IZR 67/57.

<sup>189</sup> *Hartplatzhelden* 2011 NJW 1811 BGH Urt v 28-10-2010 – IZR 60/09.

<sup>190</sup> *NOS/KNVB* 1988 NJ 310 1266 1291–2.

<sup>191</sup> *NOS/KNVB* 1292.

<sup>192</sup> *KNVB/Feyenoord* 2003 NJ 494 3823.

<sup>193</sup> *CSR/de Clubs* 2014 NJF 222.

<sup>194</sup> 33 van 1942.

<sup>195</sup> *Broadcasting and Television Act* 33 van 1956.

<sup>196</sup> Art. 28 van die *Broadcasting Services (Transitional Provisions and Consequential Amendments) Act* 105 van 1992.

<sup>197</sup> 110 van 1992.

<sup>198</sup> Sien bv. artt. 1, 121G (5), 146D (2) – (4).

<sup>199</sup> Sien bv. artt. 1, 130ZX (7).

<sup>200</sup> *Société Andros/Motor Presse France et CDO Chamonix Defi Organisation* Arrêt n° 542 C Cass 17 mars 2004 n° 02-12.771.

<sup>201</sup> Art. L333-1.

<sup>202</sup> Art. L333-2.

<sup>203</sup> Art. L333-6.

<sup>204</sup> *Ibid.*

<sup>205</sup> *Ibid.*

<sup>206</sup> *Ibid.*

<sup>207</sup> Art. L333-7.

<sup>208</sup> *Ibid.*

<sup>209</sup> Sien bv. Van Gaalen (2005); Cornelius (2009:491).

<sup>210</sup> *Ibid.*

<sup>211</sup> *Ibid.*

<sup>212</sup> Burns (2009:521 e.v.).

<sup>213</sup> *Johannesburg Country Klub v Stott* 2004 5 SA 511 (HHA).

<sup>214</sup> *Sunshine Records (Pty) Ltd v Frohling* 1990 4 SA 782 (A) 794BE; *CTP Ltd v Argus Holdings Ltd* 1995 4 SA 774 (A).

<sup>215</sup> *Reddy v Siemens Telecommunications (Pty) Ltd* 2007 2 SA 486 (HHA) 497C.

<sup>216</sup> *Automotive Tooling Systems (Pty) Ltd v Wilkens* 2007 2 SA 271 (HHA) 277G.

<sup>217</sup> Ek huiwer om die woord “fotograaf” in hierdie verband te gebruik.

<sup>218</sup> Moodie (2014).

<sup>219</sup> *Kingsway Caravan Park (Pty) Ltd v Rudman* [1999] JOL 4884 (SE).

<sup>220</sup> Wet op Handelsmerke 194 van 1993. Sien ook Klopper en Van der Spuy (2012:142 e.v.).

<sup>221</sup> Klopper en Van der Spuy (2012:109 e.v.).

<sup>222</sup> Klopper en Van der Spuy (2012:122 e.v.).

<sup>223</sup> Wet op Nagemaakte Goedere 37 van 1997.

<sup>224</sup> Art. 15A Handelswaremerkewet 17 van 1941.

<sup>225</sup> Moodie (2014).

<sup>226</sup> Coakley en Pike (2009). Sien ook Cornelius (2003).

<sup>227</sup> *Ibid.*



- <sup>228</sup> Sien in hierdie verband ook Cornelius (2011).
- <sup>229</sup> Slabbert (2010:2).
- <sup>230</sup> Thys (2009:13).
- <sup>231</sup> Slabbert (2010).
- <sup>232</sup> Buchner (2009:11).
- <sup>233</sup> Smith (2010:2).
- <sup>234</sup> Art. 8 (3) van die Grondwet, 1996.
- <sup>235</sup> *Haelan Laboratories Inc v Topps Chewing Gum Inc* 202 F2d 866, 868.
- <sup>236</sup> *Haelan Laboratories Inc v Topps Chewing Gum Inc* 202 F2d 866, 852.
- <sup>237</sup> Neethling en Potgieter (2010:326 e.v.).
- <sup>238</sup> Neethling en Potgieter (2010:349 e.v.).
- <sup>239</sup> *Pepsico Inc v United Tobacco Co Ltd* 1988 2 SA 334 (W) 347B–G.
- <sup>240</sup> *Stellenbosch Wine Trust Ltd v Oude Meester Group Ltd; Oude Meester Group Ltd v Stellenbosch Wine Trust Ltd* 1972 3 SA 152 (K) 185A–D.
- <sup>241</sup> *Atlas Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd* 1981 2 SA 173 (T) 183D–F.
- <sup>242</sup> Sien in hierdie verband ook Cornelius (2011).
- <sup>243</sup> Neethling en Potgieter (2010:340 e.v.).
- <sup>244</sup> Cornelius (2011).
- <sup>245</sup> *Ibid.*
- <sup>246</sup> *Ibid.*
- <sup>247</sup> Neethling en Potgieter (2010:369 e.v.).
- <sup>248</sup> Cornelius (2011).
- <sup>249</sup> *Wells v Atoll Media (Pty) Ltd* [2010] 4 All SA 548 (WKK).
- <sup>250</sup> *Ibid.*

<sup>251</sup> D 9.2.5.1; Voet (1698:47.10.18).

<sup>252</sup> *Fichard Ltd v The Friend Newspapers Ltd* 1916 AD 1; *Bredell v Pienaar* 1924 CPD 203; *Caxton Ltd v Reeve Forman (Pty) Ltd* 1990 3 SA 547 (A).

<sup>253</sup> (1998:84).

<sup>254</sup> Cornelius (2011).

<sup>255</sup> *Ibid.*

<sup>256</sup> Sien die omskrywing van “outeur” in art. 1 Wet op Outeursreg 98 van 1978.

<sup>257</sup> Neethling en Potgieter (2010:89).

<sup>258</sup> Neethling en Potgieter (2010:313).

<sup>259</sup> Neethling en Potgieter (2010:315).

<sup>260</sup> Neethling en Potgieter (2010:317).

<sup>261</sup> Cornelius (2011).